# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE NAVORSING

**Navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, tydens die tughandeling met fokus op die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande.**

## 4.1 Inleiding

Hoofstuk 2 en 3 was literatuurondersoeke.

- Eerstens is ‘n teorie van emosies in Hoofstuk 2 beskryf met die klem op die gevoelsbelewing van skuld en skande.
- Daarna is pastoraat in Hoofstuk 3 omskryf soos dit spesifiek met die verwerking van skuld en skande verband hou.

Indien hierdie studie egter volledig wil wees, moet daar ook ‘n empiriese gedeelte van die navorsing ingesluit word. Hoofstuk 4 beskryf die kwalitatiewe ondersoek wat gevolg het op die teoretiese verkenning in Hoofstukke 2 en 3. Vanuit hierdie hoofstukke is detailinformasie bekom vir die verstaan van die navorsingsprobleem en die navorsingsdoel. Hierdie teoretiese ondersoek word nou opgevolg met ‘n gestruktureerde onderhoudskedule en onderhoude met predikante wat deur die tugproses geraak is. Dit is eintlik voor die handliggend. As ons waarlik meer wil verstaan van predikante se gevoelsbelewing van die tughandeling moet ons met hulle daaroor gesels.

Skrywer onderneem om die volgende vrae in die loop van Hoofstuk 4 te beantwoord.

- **Vraag 4(a):** Wat is die navorsingsmetodologie wat vir die empiriese deel van die studie gebruik word? Dit sluit die navorsingsdoel, navorsingsvrae, navorsingsmetode, tegnieke en deelnemers aan die navorsing in.
- **Vraag 4(b):** Wat is die proses wat die empiriese navorsing vir hierdie studie kenmerk?
- **Vraag 4(c):** Hoe word die onderhoudskedule gestruktureer en saamgestel?

- **Vraag 4(d):** Wat is die kontekstuele faktore van elke onderhoud?
- **Vraag 4(e):** Watter inligting is tydens die onderhoude verkry?
- **Vraag 4(f):** Wat is die temas wat na vore kom wanneer die inligting van die onderhoude geanaliseer word?

Bogenoemde vrae word nou bespreek.

## 4.2. Navorsingsmetodologie

‘n Wetenskaplike studie volg altyd ‘n wetenskaplike werkswyse en metodologie. Die instrumente wat gebruik word, voldoen ook aan sekere wetenskaplike kriteria. Die navorsingsdoel is die vertrekpunt en gee ‘n volledige beskrywing van die empiriese proses wat volg.

### 4.2.1. Navorsingsdoel

Die navorsingsdoel is duidelik verwoord tydens die navorsingsontwerp (Hoofstuk 1:74) en is vervat in die titel van hierdie studie:

Om die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling te beskryf. Die doel is verder gefokus op die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande.

### 4.2.2. Navorsingsvrae

Beide die die literatuur- en empiriese studie, stel ten doel om die sentrale navorsingsvraag te beantwoord:

Op watter wyse begelei die Nederduitse Gereformeerde Kerk, predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan, om die gevoelens van skuld en skande wat daarmee gepaard gaan te verwerk?

Die drie hoofvrae wat die sentrale vraag verder ontwikkel, is as volg geformuleer:

- **Vraag 1A:** Lewer die tughandeling ‘n bydrae tot die gevoelsbelewing van skuld en

skande by predikante?

- **<u>Vraag 1B</u>:** Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie daarvan?
- **<u>Vraag 1C</u>:** Is daar pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar en hoe word hulle gehelp om dit te verwerk?

Bogenoemde navorsingsvrae is deurlopend verder ontwikkel en geformuleer (Hoofstuk 1:20-83; Hoofstuk 2, p.84-145; Hoofstuk 3, p.146-196). Die antwoorde van sommige vrae is vanuit die literatuurstudie beskryf. Sommige vrae vereis verdere empiriese ondersoek.

Die vrae wat tydens die empiriese ondersoek aan respondente gestel word, sluit dus aan by die vorige bespreking soos beskryf in Hoofstukke 1-3. Die volgende vrae sal verwerk word tot 'n gestruktureerde onderhoudskedule wat tydens 'n onderhoud deur die navorser in gesprek met die respondente voltooi word.

- **<u>Vraag 1</u>**

Watter deel van die proses van die tughandeling is van toepassing ten opsigte van die individuele respondent?

- **<u>Vraag 2</u>**

Het die respondent tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande ervaar en wat was die intensiteit van die belewing?

- **<u>Vraag 3</u>**

Wat was die fisiese en kognitiewe belewing van die gevoel van skuld?

- **<u>Vraag 4</u>**

In watter mate het die respondent die skuldemosie verwerk?

- **<u>Vraag 5</u>**

Hoe het die respondent die moontlike gevoelens van skande beleef?

- **<u>Vraag 6</u>**

Het die respondent enige verdedigingsmeganismes gebruik om die intensiteit van die skandgevoelens te verwerk?

- **<u>Vraag 7</u>**

Het die respondent enige positiewe belewing en verwerking van skande as emosie ervaar?

- **Vraag 8**

Watter teoretiese raamwerk sal help om die begeleiding van die kerk tydens die tughandeling beter te verstaan?

- **Vraag 9**

Hoe beoordeel respondente die verskillende funksies van tugpastoraat?

- **Vraag 10**

Hoe het die respondent die sorg van die geloofsgemeenskap tydens die tughandeling ervaar?

- **Vraag 11**

Het die kerk amptelik, die taak van pastorale begeleier vervul tydens die tughandeling?

- **Vraag 12**

Watter vereistes oordeel die respondent behoort gestel te word aan die persone wat die pastorale versorging tydens die tughandeling hanteer?

- **Vraag 13**

Wat kan alles van die predikant verwag word tydens die tughandeling?

- **Vraag 14**

Het die respondent enige professionele persone gekonsulteer tydens en na die tughandeling?

- **Vraag 15**

Dink respondente dat die tughandeling voldoen aan die doel volgens Artikel 59?

- **Vraag 16**

Wat beskou respondente as leemtes tydens die tughandeling?

- **Vraag 17**

Watter aanbevelings kan respondente voorstel vir die verbetering van die tughandeling?

- **Vraag 18**

Ken die respondent enige ander predikante wat ook deur die tughandeling geraak is?

### 4.2.3 Kwalitatiewe ondersoek

Die sosiale wetenskappe word deur kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gedien. Hierdie metodes moet nie teenoor mekaar gestel word nie, maar ten opsigte van hul funksie slegs onderskei word en moet die mees toepaslike metode vir die navorsing gekies word. Pieterse (1993:186) sê: “Die kwantitatiewe metode se belangrikste bydrae is geleë in

die geldigheidsbetroubaarheid en die reikwydte van die resultate wat noukeurig vasgestel kan word. Terwyl kwalitatiewe analises dieper grawe om die sosiale werklikheid en die verskynsels daarbinne, in al sy kompleksiteit na te gaan en so tot 'n beter begrip daarvan te kom."

In die studie van Barnard (2009:304) word die eienskappe van kwalitatiewe navorsing aangedui. Dit is besonder interessant om daarop te let dat emosies en die egtheid van respondente se antwoorde deur die kwalitatiewe metode geïdentifiseer en geëvalueer kan word. Dit beloof om hierdie studie soos 'n handskoen te pas aangesien predikante se belewing van skuld en skande ondersoek word. Eienskappe van die kwalitatiewe metode wat verder sal bydrae tot die sukses van die ondersoek is

- die individuele gerigtheid daarvan
- die kontekstualiteit daarvan
- dat dit beskrywende van aard is
- die verkennende aard daarvan
- dit is sistematies
- en induktief.

Creswell (2007:36-52) se bespreking van die volgende twee vrae ten opsigte van kwalitatiewe navorsing, word nagevolg en benut in hierdie studie. Die eerste vraag wat hy stel: Wat is die sleutelkenmerke van kwalitatiewe navorsing? Sy definisie is volledig en dui nie alleen op die tradisionele aspekte van kwalitatiewe navorsing nie, maar toon ook die ontwerp van die navorsing sowel as spesifieke wyses van die insameling van informasie.

"***Qualitative research*** begins with assumptions, a worldview, the possible use of a theoretical lens, and the study of research problems inquiring into the meaning individuals or groups ascribe to a social or human problem. To study this problem, qualitative researchers use an emerging qualitative approach to inquiry, the collection of data in a natural setting sensitive to the people and places under study, and data analysis that is inductive and establishes patterns or themes. The final written report or presentation includes the voices of participants, the reflexivity of the researcher, and a complex

description and interpretation of the problem, and it extends the literature or signals a call for action." (Creswell 2007:37).

Hierdie definisie beklemtoon die proses van navorsing en die kenmerke van 'n kwalitatiewe studie.

- Die navorser speel 'n sleutelrol in die ondersoek en gebruik informasie wat deur homself ingesamel is. Die instrumente soos vraelyste, onderhoudskedules en ander, word deur die navorser self saamgestel.
- Kwalitatiewe navorsers steun op verskillende bronne van informasie soos onderhoude, observasies en gedokumenteerde inligting. Die navorser benut al die data om sin en betekenis daarin te vind en organiseer die inligting kategories of tematies ten opsigte van al die bronne van informasie.
- Die navorser bou patrone, temas en kategorieë deur die proses van induksie. Dit is dus 'n interaktiewe proses wat plaasvind tussen die navorser, deelnemers en die informasie.
- Direkte interaksie vind plaas tussen die navorser en deelnemer en vind binne die leef- en werksomgewing van die deelnemer plaas.
- Die betekenis wat die deelnemer aan die probleem of studie-onderwerp gee, is van belang, sowel as dit wat die navorser self of deur literatuurstudie daaraan toeken.
- Die navorsingsplan kan verander na gelang van omstandighede en nuwe informasie of ander praktiese oorwegings. Dit is met ander woorde nie 'n rigiede en onbuigbare metode nie.
- Kwalitatiewe navorsing word deur 'n bepaalde teoretiese lens onderneem. Daar is dus 'n berekende subjektiewe element betrokke.
- In kwalitatiewe navorsing interpreteer die navorser die informasie. Hierdie interpretasie kan nie van die navorser se eie agtergrond, geskiedenis, persoonlike konteks en verstaansraamwerk geskei word nie. Die lesers van die navorsing interpreteer weer op hulle beurt die informasie en bring 'n meervoudige verstaan van die probleem.
- Kwalitatiewe navorsers probeer om 'n komplekse en holistiese beeld van die probleem of onderwerp van studie te vorm. Dit gaan dus nie soseer om die enger oorsaak en gevolg van verhoudings tussen verskeie faktore nie, maar om 'n identifikasie van die komplekse interaksie tussen die faktore in a spesifieke situasie.

Die tweede vraag van Cresswell: Waarom gebruik navorsers ‘n kwalitatiewe navorsingsmetode? Hy dui die volgende redes aan vir die gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetode.

- Die kwalitatiewe navorsingsmetode word gebruik wanneer ‘n komplekse en gedetaileerde verstaan van ‘n spesifieke probleem nodig is.
- Hierdie informasie kan alleen verkry word deur met deelnemers te gesels in ‘n natuurlike omgewing.
- Hierdie metode verbeter die magsverhouding tussen navorser en deelnemer omdat dit laasgenoemde in staat stel om ‘n eie weergawe te gee van die komplekse aard van die probleem.
- Die literêre styl van die verslaggewing is buigsaam en laat ruimte vir persoonlike mededelings en selfs gevoelens.
- Die kwalitatiewe metode is konteksgetrou.

Indien die antwoorde op die twee vrae van Cresswell in berekening gebring word tot hierdie navorsing sal die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word. Die kwalitatiewe werkswyse is die mees geskikte navorsingsmetode vir hierdie studie. Dit dien die studietema naamlik om predikante se persoonlike ervaring van die tughandeling in diepte te ondersoek. Omdat die kwalitatiewe metode induktief van aard is, beteken dit dat empiriese data geanaliseer en geïnterpreteer word en sin en betekenis daarin gevind word.

### 4.2.4. <u>Gestruktureerde onderhoudsvoering</u>

Kwalitatiewe navorsingsmetodes maak gebruik van onderhoudskedules en in diepte onderhoudvoering as hulpmiddels. Hiermee saam word deelnemende waarneming deur die navorser as aanvullende bron vir die verstaan van die studie-onderwerp beskou. Sapsford & Jupp (2006:97) stel dit duidelik dat die onderhoudskedule een van die geskikte hulpmiddels is om te gebruik wanneer inligting verlang word van respondente. Vraelyste kan ook gebruik word, maar moet deur die respondent self voltooi word.

Holstein en Gubrium (2006:140-161) bespreek onderhoudsvoering in hulle artikel:“The active interview”, in Silverman ed. (2006). Hulle keer die standpunt dat onderhoudsvoering ‘n neutrale manier is om informasie te bekom, op die kop. Onderhoudvoerders vra nie maar slegs vrae, terwyl respondente maar alleen antwoorde verskaf nie. Die proses van

onderhoudsvoering is nie maar net ‘n geleier tussen twee partye nie. Volgens hierdie ou model word die onderhoudsvoerder se bydrae tot ‘n minimum beperk. Die onderhoudsvoerder is ook veronderstel om neutraal en onopvallend te wees. Die respondent is slegs maar ‘n “houer” wat informasie bevat. Hierteenoor word aktiewe onderhoudsvoering in die artikel beskryf. Daarvolgens is die onderhoud ‘n aktiewe ervaring en deelname deur die onderhoudvoerder en die respondent. “...we...highlight the fact that interactional, interpretive activity is a hallmark of all interviews. All interviews are active interviews.” (p.140). Vergelyk ook Mason in Lewis-Beck (p.1020).

‘n Gestruktureerde onderhoudskedule wat deur die navorser in gesprek met die respondente voltooi is, word gebruik.

**4.2.5. <u>Keuse van respondente</u>**

Morse in Lewis-Beck ed. (Ongedateer:993) sê oor die keuse van respondente die volgende: (It) is the deliberate selection of the most appropriate participants to be included in the study, according to the way that the theoretical needs of the study may be met by the characteristics of the participants.” Dit beteken dat respondente vir die studie gekies is op grond van die volgende kriteria.

- Die respondente moes beantwoord aan die kriteria soos deur die studie gestel. In hierdie studie is die tughandeling as konteks gestel. Die tughandeling is spesifiek deurdat dit predikante is wat daardeur geraak word. Alle predikante wat dus deur enige deel van die drie prosesse van die tughandeling gegaan het, was moontlike kandidate om as respondente gekies te word.
- Verder het ook bereidheid om aan die studie deel te neem, bepaal wie in die studie ingesluit sal word. Nie alle predikante wat geskakel is, was bereid om ‘n onderhoud toe te staan nie. Een predikant het uitdruklik gesê dat hy nie meer weet wie om te vertrou nie en daarom nie deel wil wees van die studie nie.
- Bereikbaarheid soos deur koste en tyd begrens, het ook ‘n verdere bydrae gelewer tot die keuse van respondente. Slegs respondente wat binne ‘n radius van driehonderd kilometer van navorser se woning geleë is, is genader.
- Aangesien dit ‘n kwalitatiewe studie is, het ek slegs ses respondente om ‘n onderhoud gevra.

Skrywer maak dus gebruik van ‘n teoretiese steekproeftrekking waarvolgens kennis van die situasie van mense wat die tughandeling deurgegaan het, gebruik word.

Reeds in Hoofstuk 1 is daarop gewys dat inligting rondom tugsake en predikante wat daarby betrokke was of is, baie sensitiewe inligting binne die kerk is. Daar is begin om vir predikante met wie skrywer in kontak was, te vra of hulle dalk enige predikante ken wat aan die twee kriteria sou voldoen. Op hierdie wyse is name verkry en is hulle telefonies genader. Predikante wat bereid was om aan die ondersoek deel te neem, is kortliks ingelig oor die beoogde onderhoude. Hierna het ek met ses predikante afsprake verkry en het ek hulle persoonlik by hulle wonings gaan sien. Die onderhoude het gewoonlik negentig minute geduur. Die onderhoude is oor ‘n tydperk van twee maande (Mei–Julie 2011) afgehandel. Sekere respondente is later weer geskakel indien addisionele inligting benodig was of indien gegewe antwoorde onduidelik was.

Die volgende tabel toon die aantal respondente en die provinsies waarin hulle woon.

| **Respondent** | **Provinsie woonagtig** |
|---|---|
| Respondent 1 | Noordwes |
| Respondent 2 | Gauteng |
| Respondent 3 | Noordwes |
| Respondent 4 | Vrystaat |
| Respondent 5 | Noordwes |
| Respondent 6 | Noordwes |

### 4.2.6. <u>Die proses van kwalitatiewe navorsing</u>

Die kwalitatiewe proses het as volg verloop.

- ‘n Onderhoudskedule is saamgestel deur die inligting van die eerste drie hoofstukke van die studie te benut.
- ‘n Ingeligte toestemmingsbrief tot deelname aan die studie is saamgestel.
- Ses respondente is geïdentifiseer. Tyd en koste implikasies is in aggeneem.
- Respondente is telefonies genader vir ‘n onderhoud.

- Respondente teken ingeligte toestemming tot deelname aan die navorsing voor die aanvang van elke onderhoud.
- Die navorser voer persoonlike onderhoude met elke respondent deur van die gestruktureerde onderhoudskedule gebruik te maak. Aantekeninge is deurlopend gemaak van opmerkings en inligting wat die respondente voorsien het. Die kruis by die vrae wat 'n keuse veronderstel, is deur die navorser getrek en die antwoorde op oop vrae is deur die navorser aangeteken. Respondente is telkens gevra om te bevestig dat die kruis in die korrekte blok getrek is en telefoniese oproepe na die onderhoude het die antwoorde gekontroleer indien enige onsekerhede bestaan het of verdere inligting benodig is.
- Onderhoude het tydens vyf van die afsprake ongeveer een en 'n half uur geduur. Die ander afspraak was 'n marathon sessie omdat die respondent vele vertellings rondom die vrae van die onderhoudskedule gegee het. Die duur van die afspraak was egter op sy inisiatief aangesien hy duidelik nodig gehad het om uiting te gee aan sy gevoelens deur sy belewing van die tughandeling in detail te vertel.
- Die navorser verwerk die inligting wat tydens die onderhoude bekom is deur elke respondent se informasie afsonderlik aan te teken.
- Die inliging is hierna geïnterpreteer en tematies verwoord.
- 'n Voorstelling en visualisering van geanaliseerde data word aangebied.
- Die inligting word in Hoofstuk 5 as 'n voorstel vir die verbetering van praktykteorie aangebied.

### 4.2.7. <u>Eise aan die kwalitatiewe navorser gestel</u>

Barnard (2009:306) wys op die hoë eis wat deur die kwalitatiewe metode aan 'n navorser gestel word.

- Die eis van direkte betrokkenheid. Die navorser is die "meetinstrument".
- Die eis van 'n verwysingsraamwerk waarbinne gewerk kan word. 'n Deeglike kennis en verwysing wat opgebou word deur literatuurbronne en selfs persoonlike ervaring.
- Die eis om binnestaander te wees, maar ook buitekant te bly.
- Die eis om nie dominant te wees tydens die proses nie. Die leefwêreld en ervaring van die respondent is altyd die belangrikste.

### 4.2.8. Samestelling van die onderhoudskedule

Die samestelling van die gestruktureerde onderhoudskedule is bepaal deur die doel- en vraagstellings van die navorsing.

Lavrakas in Lewis-Beck (Ongedateer:902-903) sê dat 'n navorser se groot uitdaging daarin lê om 'n onderhoudskedule te "...calibrate..." sodat die data so "...accurate and efficiently..." as moontlik verkry word. Wanneer 'n onderhoudskedule swak saamgestel is, kan dit die interpretasie van die inligting verwring. Swak bewoording, beplanning en swak vraagformate lei tot swak informasie en die navorsing lei skade.

Navorser het onder andere gebruik gemaak van die Likert skaal waarmee respondente die vrae kon beantwoord met antwoordkategorieë wat "...mutually exclusive and exhaustive" is (Sapsford & Jupp,2006:101). Daar is ook oop tipe vrae gestel waar die respondent sy eie mening en gevoel kon verwoord.

Die onderhoudskedule is in vier afdelings verdeel. Sien die volledige gestruktureerde onderhoudskedule as Bylaag 3.

- **Afdeling A**: Die tughandeling as proses
  Vraag 1.
- **Afdeling B**: Die tughandeling en die gevoelsbelewing van skuld en skande
  Vraag 2 – 15
- **Afdeling C**: Die tughandeling en pastorale begeleiding
- Vraag 16-23
- **Afdeling D**: Die tughandeling en addisionele informasie
  Vraag 24-33

### 4.2.9. Ingeligte toestemming

Alle respondente het 'n ingeligte toestemmingsbrief ontvang waarin die doel van die onderhoud verduidelik is. Die anonimiteit en professionaliteit van die gesprek en gebruik van die informasie is daarin verduidelik. Deelname aan die ondersoek is geheel vrywillig

en alle dokumentasie is soos vereis volgens die etiese kode van die Universiteit van Pretoria hanteer. Elke respondent het die toestemmingsvom voltooi voordat deelname aan die ondersoek plaasgevind het. Sien bylaag 1 (p.248-253).

### 4.3. Kontekstualisering van die gesprekke en informasie wat die onderhoude verder toelig.

Daar is gekies om nie die klagte teen die respondent en die persoonlike detail van die tugverhoor as konteksinformasie te bespreek tydens die onderhoude of hier by die beskrywing daarvan nie. Dit is nie noodsaaklik vir die verstaan van die studiedoel nie.

### 4.4. Analise van die gestruktureerde onderhoude

Tydens die onderhoude is die inligting bekom soos deur die gestruktureerde onderhoudskedule bepaal word. Die analise daarvan is gegrond op die struktuur van die onderhoudskedule en die verkreë inligting word vraag vir vraag aangebied.

- In die eerste plek word 'n geheelblik gegee en
- tweedens word respondente se persoonlike informasie bespreek. Wanneer respondente kommentaar gelewer het op die vrae of stellings is dit sover moontlik aangeteken en word dit in aanhalingstekens weergegee.

Die getal wat in die tabelle verskyn is die hoeveelheid respondente wat die bepaalde keuse gemaak het.

## AFDELING A: DIE TUGHANDELING AS PROSES

Die eerste vraag fokus op die respondent se ervaring van die kerlike tughandeling as proses. **Die kerklike tughandeling is 'n reeks handelinge (prosesse) wat oor 'n tydperk van jare kan strek**.

*Vraag 1: Respondente dui aan watter deel van die tughandeling op hom van toepassing is.*

| **Proses** | **Inhoudelike van die proses** | **Aantal respondente** |
|---|---|---|
| | | |
| **Proses 1** | **Doel: Stel vas of die predikant skuldig of onskuldig is na aanleiding van die klag, gerug of verslag en tree dienooreenkomstig volgens die bepalings van die Kerkorde op.** | |
| **Proses 1A** | Aanmelding van 'n klag, gerug of verslag. | 6 |
| | Aanvanklike hantering van klag, gerug of verslag. | 4 |
| | Moontlike voorlopige ondersoek. | 4 |
| | Verwerping van klag, gerug of verslag. Geen verdere ondersoek nie. Kennisgewing aan alle partye. | 1 |
| | Stuiting van ampsbediening indien nodig geag word | 4 |
| | Opskrifstelling van klag, gerug of verslag as klagstaat. | 2 |
| | Besorging van klagstaat aan predikant. | 2 |
| **Proses 1B** | Tugondersoek en bevindings. | 5 |
| **Proses 1C** | Toepassing van die tugmaatreëls | 4 |
| **Proses 1D** | Appèl | 1 |
| | | |
| **Proses 2** | **Doel: Stel vas of die getugde as gevolg van die toepassing van die tugmaatreëls voldoende berou en inkeer toon en tree dienooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde op.** | |
| **Proses 2A** | Ondersoekliggaam vergewis homself van die nodige berou en inkeer van die getugde. | 0 |
| | Sensuur en skorsing as tugmaatreël word opgehef met verslag aan die Algemene Regskommissie. | 1 |
| **Proses 2B** | Verdere tugmaatreëls volg aangesien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die berou en inkeer nie. | 0 |
| | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Proses 2C** | Ring of kommissie hef sensuur op en Algemene Regskommissie herstel ampsbevoegdheid na die toepassing van die tugmaatreëls van ontslag met opskorting van ampsbevoegdheid. | 0 |
| **Proses 2D** | Na toepassing van die tugmaatreël van ontslag met beëindiging van ampsbevoegdheid, word op aanbeveling van die Ring en Sinodale kommissie 'n colloquium doctum deur die eksamenkommissie afgeneem waarna die Algemene Regskommissie die aansoeker toelaat tot legitimasie. | 0 |
| | | |
| **Proses 3** | **Doel: Predikant word herstel deurdat hy terugkeer tot die bediening binne 'n gemeente na opheffing van die tugmaatreëls dienooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde.** | |
| **Proses 3A** | Herstel in diens van die gemeente na suksesvolle appèl teen die tugmaatreëls. | 1 |
| **Proses 3B** | Herstel van ampsbevoegdheid en tree in diens van 'n gemeente na opheffing van die tugmaatreëls. | 1 |
| | Herstel van ampsbevoegdheid maar geen beroep na 'n gemeente nie. | 0 |

Hierdie vraag beoog om die moontlike verband te ondersoek tussen die prosesse van die tughandeling en die emosionele belewing van skuld en skande. Dit sluit ook aan by die respondent se ervaring van pastorale begeleiding deur die kerk tydens die tughandeling.

Die respondente het elkeen 'n unieke ervaring van die proses(se) van die tughandeling beleef. Tydens die onderhoude is tot die besef gekom dat die teoreties-gestroomlynde tugproses dikwels in die praktyk nie presies so tot uitvoering kom nie. Dit beteken nie alleen dat die prosesse nie altyd volgens die Kerkorde uitgevoer is nie, maar soms ook dat die prosesse vanweë die unieke omstandighede anders verloop as wat dit behoort te doen.

Hierdie verskil in die teoretiese begronding en die praktiese uitvoering van die Kerkorde veroorsaak uit die aard van die saak dat sake se finale uitkoms daardeur beïnvloed word.

Hierdie studie fokus egter nie op die kerkordelike en tegniese aspek van die tughandeling nie. Dit bly egter kommerwekkend dat die tughandeling klaarblyklik in sekere gevalle ontspoor vanweë dié diskrepans.

- *Respondent 1* het sekere dele van die eerste proses van die tughandeling ervaar. Hy het ook die derde proses beleef. Hierdie proses het vanaf 2 Desember tot 13 Mei die volgende jaar geduur. Dit is dus ‘n tydperk van 4 maande en 13 dae. Hy is tydens sy verloftydperk afgedank en deur vriende per sms daarvan ingelig. Die respondent was tydens die onderhoud steeds nie-amptelik in die gemeente werksaam, maar sonder traktement. Sy pensioenbydrae word steeds maandeliks deur die Kerkraad betaal. Sekere gemeentelede het hul bydrae aan hom en sy gesin gegee. Vanweë die oortreding van arbeidsregtelike prosedures deur die Kommissie, het die respondent hom na die Council for Concilliation, Mediation and Arbitration gewend. Die geskil was in die guns van die respondent beslis. Die Ringskommissie is gelas om sy ampsbevoegdheid te herstel sodat hy weer sy taak in die gemeente kon opneem. Die kerk is alle agterstallige traktement en ander vergoeding aan die respondent verskuldig. Dit beloop meer as R600 000!
- *Respondent 2* het soos respondent 1 die eerste proses van die tughandeling deurgaan. Hierdie proses het vanaf 12 Desember tot 5 Augustus geduur. Dit is dus ‘n tydperk van 7 maande en 24 dae. Respondent 2 het self die probleem waarmee hy geworstel het aan die Ringsvoorsitter bekend gemaak. Dit was egter nie volgens die Voorsitter die korrekte optrede nie. ‘n Ouderling van een van die Ringsgemeentes het toe later ‘n klag geformuleer. Die Ring waarbinne die respondent werksaam was, het daarna besluit om die klag na ‘n aangrensende Ring te verwys. Hierdie Ring het dit egter na hulle terugverwys en daarna het die verantwoordelike Ring toe die klag hanteer. Die respondent is nie in die amp gestuit nie en het ook self nie ‘n klagstaat ontvang nie. Hy is tydens ‘n Broederkring ingelig dat hy skuldig is aan ‘n sekere oortreding. Later tydens ‘n tugverhoor is hy skuldig bevind en pastoraal vermaan. Daarna kon hy voortgaan met sy bediening. Respondent 2 het nie sy reg tot appèl gebruik nie. Hy sou dit egter gedoen het indien enige ander tugmaatreël teen hom ingestel is, aangesien die Ring nie die korrekte tugprosedures gevolg het nie. Proses 2 en 3 van die tughandeling was nie van toepassing op die respondent nie.

- *Respondent 3* het eweneens die eerste proses van die tughandeling beleef. Die duur van die proses was 7 maande en 18 dae (15 Desember tot 2 Augustus). Respondent 3 het self 'n skrywe aan die Voorsitter van die Ring gegee waarin hy sy probleem bekendgemaak het. Na 'n aanvanklike hantering van die brief is die respondent gestuit. Die brief het later as "klagstaat" gedien. Op geen stadium het die Ringskommissie 'n formele klag geformuleer, 'n klagstaat saamgestel of aan die respondent oorhandig nie. Prosedurefoute is deurlopend gemaak. Na 'n ondersoek is bevind dat die respondent skuldig is aan egskeiding. Die aanbeveling van die Ringskommissie was dat die band tussen die respondent en die gemeente losgemaak moet word. Die respondent het sy reg tot appèl benut en die uitslag was in sy guns. Die Ringskommissie het growwe prosedure- en inhoudelike foute gemaak. Die stuiting is opgehef en die respondent kon voortgaan met sy bediening binne die gemeente. Die respondent is steeds ontnugter deur die wyse waarop hy weer sy bediening moes voortsit. Hy het gesê dat geen van die Ringspredikante of lede van die Regskommissie of Sinodale kommissie hul weg kon oopsien om die opheffing van sy stuiting tydens 'n erediens bekend te maak nie. Die Kerkraad het later 'n brief van die Regskommissie ontvang in dien effekte. Sy gevoel was dat dit nou maar aan hom oorgelaat was om weer die brokstukke bymekaar te maak en "neuk nou maar aan". Proses 2 en 3 was nie van toepassing nie.
- *Respondent 4* het 'n gedeelte van die eerste proses van die tughandeling beleef. Dit het van 13 Oktober tot 5 Maart geduur (vier maande en 5 dae). Die respondent het tydens 'n vergadering waar gemeente samesmelting bespreek is, by die een predikant verneem dat daar gerugte die rondte doen dat hy nie "die Woord preek nie". Daar was ook sprake dat hy nie sy werk behoorlik doen nie, waaronder huisbesoekversuim. Die volgende kombineringsvergadering het toe 'n Ringsvergadering geword waar die respondent toe voor 'n keuse gestel is. Hy kan 'n skeidingspakket aanvaar en die Ring sal demissie verleen waarna hy vry sal wees om weer in 'n ander gemeente te bedien of hy maak gereed vir 'n tugverhoor en kan daarna verwag om nooit weer in enige Nederduitse Gereformeerde gemeente te bedien nie. Die Ring het hom nie-amptelik gestuit deur 50 dae verlof toe te staan. Hy het hierdie tyd ontvang om die saak te oorweeg. Die respondent het met die aanbeveling van 'n regsadviseur besluit om demissie te aanvaar volgens Artikel 12b.2.3. Die respondent kon vir sewe maande na demissie aanbly in die

pastorie. Proses twee en drie is met ander woorde nie van toepassing nie. Hy het later 'n beroep na 'n ander gemeente aanvaar. Na 5 jaar in die nuwe gemeente is daar die eerste keer 'n mediese bydrae van die Kerkraad ontvang en is sy traktement verhoog.

- *Respondent 5* het die eerste proses van die tughandeling beleef. Die proses het van Oktober tot November (die volgende jaar verloop). Die aanloop tot die tughandeling was 'n onverkwiklike konflik tussen 'n lidmaat en die respondent. Die respondent het 'n siviele klag teen die lidmaat by die Suid-Afrikaanse Polisie gelê. Die lidmaat se vrou lê op haar beurt 'n klag teen die predikant en ongeveer twintig ander lidmate onderteken die klag. Die respondent het 'n beroep na 'n gemeente in 'n ander Ring aanvaar gedurende hierdie tyd. Die korrekte kerkordelike prosedures is nie gevolg in die tughandeling nie. 'n Tugondersoek is later gehou en die respondent is gewaarsku. Hy wou appèlleer maar sy vrou het versoek dat hy dit nie doen nie. Sy het hom gewaarsku dat sy hom sou verlaat indien hy sou voortgaan met die proses om appèl. Proses 2 en 3 was nie van toepassing nie.
- *Respondent 6* was in die eerste proses van die tughandeling toe die onderhoud gevoer is. Die aanloop daartoe het nege weke tevore begin en op die dag van die onderhoud was die tugproses twee weke aan die gang. Die respondent het self die probleem by die Voorsitter van die Ring aangemeld. Hy meld dat daar vanaf die aanmelding reeds deur die verantwoordelike persone groot prosedurefoute begaan is en daarom is hy reeds van voorneme om te appèlleer indien die bevindings van die tugondersoek nie na sy verwagtings verloop nie. Die respondent meen dat die Ring moontlik sal besluit om die band tussen hom en die gemeente los te maak. Hy is reeds gestuit en dit is reeds in die gemeente bekendgemaak. Hy beskou die tugondersoek voor die Ringskommissie as 'n "teedrink geleentheid" en het reeds vir die Ring voorgestel dat hulle maar net " 'n coin kan vat en dit flip" om die uitslag te bepaal. Vanweë hulle prosedurefoute met sy saak en met 'n vorige saak wat nog nie afgehandel is nie, sal die Ring ongeag die besluit verkeerd optree. Die respondent het aangedui dat hy hom moontlik tot die CCMA sal wend indien sake negatief verloop. Twee weke na die onderhoud het ek egter verneem dat die Kommissie besluit het dat die respondent kan voortgaan met sy werksaamhede as predikant in die gemeente. Geen tugmaatreëls is teen die predikant ingestel nie. Proses 2 en 3 is nie van toepassing nie.

**Gevolgtrekking**

Al die respondente het op een of ander wyse beleef dat die kerkordelike weg nie tydens die tughandeling gevolg is nie. Dit het in een geval selfs by die CCMA gedraai en is in die guns van die respondent beslis. Hierdie onordelike werkswyse het 'n negatiewe effek op die respondente gehad. Hulle het dit beleef as onbillik en onregverdig. Alhoewel daar groot gewag gemaak is van die proses deur die Kommissies, het die predikante beleef dat die taakgedrewe werkswyse nog steeds nie reg laat geskied aan die eis van regverdigheid nie.

## AFDELING B: DIE TUGHANDELING EN DIE GEVOELSBELEWING VAN SKULD EN SKANDE

Vanuit die literatuurstudie en voorlopige gesprekke met predikante is dit duidelik dat die impak van die tughandeling emosionele ontwrigting veroorsaak. Van die warboel van emosies wat beleef word, is slegs twee die fokus van hierdie ondersoek. Respondente is gevra om na aanleiding van hul persoonlike belewing van die gevoelens van skuld en skande op die vrae te antwoord.

'n Werksdefinisie wat tydens die literatuurondersoek vasgestel is vir beide die gevoelens is aan die respondente voorgehou. Die rede daarvoor was om te verseker dat ek as navorser en die respondente aan die anderkant dieselfde betekenis aan die inhoud van die emosies gee.

Die respondente se belewing van skuldgevoelens tydens die tughandeling is eerste ondersoek. Vraag 2 – 6 het ten doel om vas te stel of die respondente skuldemosie beleef het en wat die intensiteit van daardie belewing was. Die mate waarin die respondent die emosie verwerk het, is ook ondersoek.

### SKULDGEVOELENS

**Skuldgevoelens is 'n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Skuld is 'n fenomenologiese saak en het te make met die oortreding**

**van waardesisteme. Skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handelinge en word fisies en kognitief ervaar.**

*Vraag 2: Het u volgens die definisie, tydens die prosesse van die tughandeling, skuldgevoelens beleef? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker ; 3 = Ja*

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| - | - | 6 |

- *Respondent 1* het volgens die skaal gekies om sy belewing van skuldgevoelens as 'n 3 (definitiewe Ja) aan te dui. Hy het dit gekwalifiseer deur te verwys na die konflik wat vooraf, tydens en tot op hede tussen hom, ander lidmate van die gemeente en onder lidmate van die gemeente onderling voorkom. Sy skuldgevoelens het betrekking op die konflik en die mede-verantwoordelikheid wat hulle as lidmate van die gemeente het om as gelowiges sulke konflik behoorlik te hanteer. Hy (hulle) het misluk om die konflik op te los en dit veroorsaak groot skuldgevoel.
- *Respondent 2* het volgens die skaal sy belewing van skuldgevoelens as 'n 3 aangedui. Hy kwalifiseer sy belewing van skuldgevoelens, naamlik dat dit veral teenoor sy kinders was. Sy kinders het hom direk gekonfronteer met die gedagte dat hy 'n predikant is en dat dit nie vir hulle strook met die probleem waarvan hy aangekla word nie. Hy het veral skuldig gevoel omdat hy nie aan sy kinders se verwagtinge voldoen het nie. Daarmee saam het hy ook skuldgevoelens ervaar teenoor die gemeente.
- *Respondent 3* het bevestig dat hy skuldgevoelens beleef het (3).
- *Respondent 4* het definitief skuldgevoelens beleef (3). Hy het gekwalifiseer dat hy teenoor die Here skuldig gevoel het omdat hy nie opweeg teenoor die eise wat aan hom gestel word nie. Hy het ook skuldig gevoel dat hy mense "hoog ag" en 'n "mense pleaser" was. Hy voel dat dit wat gebeur het 'n direkte uitvloeisel was van hierdie oortreding teenoor die Here. Sy vraag was daarom ook heeltyd: "Here, hoekom het u dit toegelaat?" Dit was eintlik 'n retoriese vraag aangesien hy skuldig gevoel het soos reeds gemeld.
- *Respondent 5* het skuldgevoelens beleef (3).
- *Respondent 6* het aangedui dat hy skuldig voel (3).

**Gevolgtrekking**

Al die respondente het aangedui dat hulle gevoelens van skuld beleef. Omdat situasies en omstandighede verskil, is die skuldgevoelens dan ook persoonlik en spesifiek beleef.

*Vraag 3: Indien u op vraag 2 "Ja" geantwoord het, beskryf die intensiteitsvlak van u belewing, van die skuldemosie tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Min; 2 = Redelik; 3 = Groot; 4 = Oorweldigend*

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| - | 2 | 1 | 3 |

- *Respondent 1* het volgens die skaal aangedui dat sy belewing van die intensiteitsvlak as 'n 4 (Oorweldigend) aangedui kan word.
- *Respondent 2* het die skuldgevoelens as 'n 2 gemerk. Hy het die intensiteitsvlak daarvan dus as redelik ervaar. Respondent 2 verduidelik dit as volg: hy het 'n groot poging aangewend om alles reg te doen vanaf sy kant en daarom het hy die intensiteitsvlak van sy skuldgevoelens as redelik beleef.
- *Respondent 3* het die intensiteit van sy skuldgevoelens as oorweldigend beskryf (4).
- *Respondent 4* het die intensiteitsvlak as redelik (2) aangedui. Hy sê die rede daarvoor is dat hy vanaf die eerste woorde wat die proses aan die gang gesit het op sy "knieë neergeval en die Here se aangesig gesoek het."
- *Respondent 5* beskou die skuldgevoelens wat hy beleef het as groot (3).
- *Respondent 6* se skuldgevoelens is oorweldigend (4). Hy het egter bygevoeg dat hy die hele handeling as 'n "sirkus" beleef.

Die onderhoudskedule het met vraag 4 die kognitiewe en fisiese belewing van skuldemosie ondersoek. Volgens die literatuurondersoek toon mense wat skuldemosie ervaar sekere definitiewe denkpatrone en fisiese ervaring van skuld. Hierdie vraag het dus die eerste vraag ten opsigte van die belewing van skuldemosie tydens die tughandeling bevestig en versterk die inligting van die respondent se belewing daarvan. Die keuse van vrae is gebaseer op die literatuurnavorsing en sluit ook aan by Louw (1999:485-488) se evalueringskale vir die beoordeling van skuld, skuldgevoelens en sondewaan.

**Gevolgtrekking**

Vier van die respondente het oorweldigende of groot skuldgevoelens beleef. Twee het dit as redelik bestempel omdat hulle soos self geoordeel, dadelik daarvan werk gemaak het.

*Merk asseblief die volgende fisiese en kognitiewe uitings van die belewing van skuldgevoelens, soos dit op u van toepassing was tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Geen belewing; 2 = Min belewing; 3 = Redelike belewing; 4 = Groot belewing; 5 = Oorweldigende belewing*

| **Die fisiese en kognitiewe ervaring van egte skuldgevoelens** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| Het u 'n bitter en deurdringende gevoel ervaar, byna asof u die bitterheid kon proe? | - | - | 1 | - | 5 |
| Het u gereeld u hande gewring? | 2 | - | - | 1 | 3 |
| Het u kop gehang en was dit moeilik om mense in die oë te kyk? | 1 | - | 2 | - | 3 |
| Het u pyn in die abdomen gevoel wat met angstigheid gepaard gegaan het? | 1 | - | - | 1 | 4 |
| Het u die gebeure oor en oor in u gedagtes herhaal? | - | - | 2 | - | 4 |
| Het u indien u die gebeue in u gedagtes herhaal het, sekere elemente van die gebeure verander om ander scenario's te skep? | 2 | - | 2 | - | 2 |
| Het u dikwels vir u self verwyt en gesê: "As ek dit maar net nie gedoen het nie!" | 1 | - | 2 | - | 3 |

- *Respondent 1* het volgens die skaal aangedui dat die skuldgevoel wat hy beleef het 'n 5 (Oorweldigende belewing) van bitterheid was. Hy herinner hom daaraan dat hy 'n 4 (Groot belewing) van gereeld sy hande te wring gehad het en in sy geval het hy met 'n 3 (Redelike belewing) aangedui dat sy kop gehang het tydens die tughandeling en dat hy dit moeilik gevind het om mense in die oë te kyk. Hy het 'n 4 (Groot belewing) gehad van pyn in die abdomen wat met angstigheid gepaard gegaan het. Ten opsigte van die kognitiewe belewing van skuldgevoelens het hy aangedui dat hy sekere van die gebeure oor en oor in sy gedagtes herhaal het (5 –

Oorweldigende belewing). Dit was ook dieselfde ten opsigte van die verandering van sekere elemente van die herhalende gedagtes en die uiting van selfverwyt, naamlik "As ek dit maar net nie gedoen het nie". Respondent 1 het veral die feit dat hy op 'n tydstip gekies het om die beroep na die spesifieke gemeente aanvaar het, betwyfel. Hy het herhaaldelik vir homself gesê: "Ek moes nooit hierheen gekom het nie".

- *Respondent 2* het aangedui dat sy gevoel van bitterheid oorweldigend was (5). Hy het dit as walglik bitter gestel. Hierdie deurdringende bitterheid was persoonlik beleef teenoor mense wat hy gevoel het hom persoonlik te nagekom. Hy het aangedui (5) dat hy gereeld sy hande gewring het en rusteloos was. Hy het gereeld sy naels gebyt en dit was nie voorheen 'n gewoonte nie. Respondent 2 het dit baie moeilik gevind om op die kansel te klim en die gemeente in die oë te kyk (3). Hy het geen belewing (1) van pyn in die abdomen beleef nie. Ten opsigte van die herhaling van die gebeure in sy gedagtes het hy dit met 'n redelike belewing aangedui (3). Respondent 2 het nie sekere elemente in sy gedagtes verander tydens die herhaling daarvan nie (1). Hy het homself wel dikwels verwyt en gevoel dat hy dinge wel anders sou kon hanteer het (3).
- *Respondent 3* het die belewing skuldgevoelens as 'n bitter deurdringende gevoel as 'n redelike belewing (3) aangedui. Hy kan nie onthou dat hy gereeld sy hande gewring het nie, maar sê dat sy spanningsvlak oorweldigend (5) was. So ook het hy sy belewing dat dit oorweldigend (5) moeilik was om mense in die oë te kyk aangedui. Die respondent het ook 'n oorweldigende belewing (5) gehad van pyn in die abdomen wat met angstigheid gepaard gegaan het. Hy het die gebeure in sy gedagtes herhaal (5). Op die volgende vraag en stelling het die respondent aangedui dat hy 'n redelike (3) belewing van die verandering van elemente in die herhaling daarvan toegepas het en dat hy ook redelike tekens van selfverwyt getoon het.
- *Respondent 4* het fisiese simptome getoon wat eiesoortig is aan skuldgevoelens. Hy het 'n oorweldigende (5) bitterheid ervaar (steeds na 5 jaar) teenoor sekere individue wat by die tughandeling betrokke was. Hy het nie (1) sy hande gewring nie. Ek het wel opgemerk dat die respondent tydens die onderhoud die duim van sy regterhand met sy ander vingers in 'n wrywingsaksie vryf. Hy het dit oorweldigend moeilik (5) gevind om sy kop op te lig en mense in die oë te kyk. Die respondent het nie pyn in die abdomen ervaar nie, maar bygevoeg dat hy eerder daarvoor

kompenseer deur 'n mond wat baie droog is. Hy het die fisiese belewing as "baie erg", met ander woorde oorweldigend (5) beskryf. Ten opsigte van die kognitiewe belewing van skuldemosie het hy 'n redelik belewing (3) ervaar met die herhaling van die gebeure in sy gedagtes. Tydens 'n seevakansie het hy homself oor en oor gevra (verwyt): "Hoekom het ek dit nie raakgesien nie? Hoe kon ek die aanloop hiervan misgekyk het?" Hy het wel redelike (3) verandering aan sekere elemente van die scenario gemaak tydens die herhalende gedagtes. Die respondent het egter bygevoeg dat hy sy gevoelens onderdruk en dat die skaal eintlik ook ten opsigte hiervan 'n (5) behoort te wees. Hy het homself ook dikwels verwyt dat hy nie anders opgetree het tydens die situasie nie (5). Die respondent ervaar skrikwekkende drome en verwyt homself dat hy ooit na die betrokke gemeente in die spesifieke dorp gegaan het omdat dit uiteindelik vir hom die simbool geword het van "onveiligheid".

- *Respondent 5* het ten opsigte van al die fisiese en kognitiewe belewing van skuldgevoelens aangedui dat dit oorweldigend (5) was, behalwe dat hy sy hande gewring het en dit as 'n redelike belewing beskryf het (3). Die respondent sê dat daar nie 'n dag verbygaan waarop hy nie aan hierdie gebeure dink nie.
- *Respondent 6* het 'n oorweldigende belewenis (5) van bitterheid. Hy toon nie tekens van die wringing van sy hande nie (1) maar lag tydens die antwoord van elke vraag buitengewoon hard en onnatuurlik. Hy sê dat sy kop nie hang nie omdat hy weet wie hy is wanneer hy voor die gemeente staan. Wanneer hy na hulle kyk, dan weet hy dat hulle ook almal foute het. Hy beleef pyn in die abdomen en angstigheid as 'n oorweldigende gevoel (5). Die respondent herhaal die gebeure oor en oor in sy gedagtes (5). Hy verander sekere elemente van die gebeure (3) en lê nie te veel klem op selfverwyt en spyt nie (2).

**Gevolgtrekking**

Respondente toon 'n profiel van die ervaring van oorweldigende bitterheid. Hierdie bitterheid teenoor die Kommissie veral, is 'n blywende gevoel. Angstigheid en die ervaring dat dit moeilik is om mense in die oë te kyk het ook sterk vertoon. Selfverwyt en die herhaling van die gebeure het oor en oor in die gedagtewêreld gedraai.

Vraag 5 ondersoek die wyse waarop die respondent sy gevoelens van skuld verwerk het. Volgens die literatuurondersoek is die moontlike response op die verwerking van skuldemosie as vrae geformuleer. Wanneer 'n respondent positief op hierdie vrae antwoord, beteken dit egter nie dat hy die skuldgevoelens wat hy beleef het suksesvol verwerk het nie. Dit gee egter 'n aanduiding van die openheid en bereidwilligheid wat in homself bestaan om wel positief met die emosie te werk sodat verwerking kan plaasvind.

*Vraag 5: Het u op enige stadium tydens u belewing en verwerking van skuldgevoelens, bewustelik of onbewustelik die volgende vrae aan u self gestel? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| **Positiewe verwerking van skuldemosie** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Is ek verantwoordelik vir hierdie situasie en indien wel, hoekom is ek verantwoordelik? | 2 | 1 | 3 |
| Wat het ek oortree sodat ek skuldig voel? | 1 | 2 | 3 |
| Wat is daar wat ek kan verander? | 1 | 2 | 3 |
| Hoe kan ek my gedrag in die toekoms rig om soortgelyke skuldgevoelens te voorkom? | 2 | 1 | 3 |
| Hoe kan ek dit wat ek verkeerd gedoen het, regstel sonder om enige verdere skade te berokken? | 2 | 1 | 3 |

- *Respondent 1* het volgens die skaal gekies om sy aandeel aan die ontstaan van die situasie wat tot die tughandeling gelei het as 'n 3 te merk. Hy is egter onseker of hy presies kan aandui wat sy oortreding is. Dit is in sy geval moeilik om spesifiek aan te dui wat sy rol in die saak is. Hy voel ook onseker oor wat hy kan doen om dit te verander. Die ervaring het hom egter oortuig dat hy in die toekoms sy gedrag kan verander om soortgelyke situasies en skuldgevoelens te kan vermy (3) en dat hy eweeens dit wat tans verkeerd gedoen is, sal wil regstel sodat daar nie enige verdere skade berokken word nie.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy nie verantwoordelik voel (1) vir die situasie wat tot die tughandeling aanleiding gegee het nie. Hy was onseker (2) waarom hy wel skuldig voel tydens die hele tughandeling. Respondent 2 het ook aangedui dat hy onseker is (2) of hy enige iets aan die situasie kon verander. In sy spesifieke

situasie glo hy ook dat hy nie homself weer in 'n soortgelyke situasie sou kon bevind nie en daarom is hy onseker (2) of hy hierdie skuldgevoelens sou kon benut ten opsigte van gedragsmodifikasie. Hy het ook sy onsekerheid aangedui (2) oor die vermoë om sake te kan regstel. Hy het wel aangedui dat hy uit die situasie geleer het om meer na homself om te sien deur sy afdag, afnaweke en verlof op gereelde basis te neem.

- *Respondent 3* was onseker (2) of hy die vraag na verantwoordelikheid vir die situasie aan homself gestel het. Hy het wel aan homself die vraag na die rede vir die gevoel van skuld gevra (3) en ook vrae gestel oor wat hy moontlik daaraan sou kon verander (3). Die volgende twee vrae is negatief beantwoord (1).
- *Respondent 4* het ten opsigte van die eerste twee vrae ontkennend geantwoord (1). Sy woorde (gedagtes) was telkens: "Kyk wat het *hulle* gemaak!" Die respondent voel dat hy sy "goedgelowigheid" teenoor mense moet verander (3) en het ook op die volgende twee vrae positief gereageer (3).
- *Respondent 5* het die vrae positief (3) beantwoord.
- *Respondent 6* het op die eerste twee vrae positief geantwoord (3) en negatief op die laaste drie (1). Hy is van oordeel dat daar werklik niks is wat hy aan die situasie kan verander nie aangesien hy 'n besluit geneem het wat tot die aanmelding van die saak gelei het. Hy is egter tevrede met sy besluit omdat dit die korrekte keuse was.

**Gevolgtrekking**

Respondente het in 'n redelike mate daarin geslaag om hulle skuldgevoelens te hanteer en grootliks te verwerk. Die antwoorde op vraag 5 toon egter dat daar nog ruimte is om werklik met skuldgevoelens klaar te speel.

Vraag 6 het ten doel om die ervaring van skuldgevoelens tydens die tughandeling met 'n oop vraagstelling te ondersoek en sodoende verdere inligting te bekom wat nie deur die geslote vrae beantwoord is nie.

*Vraag 6: Wat was u ervaring van die prosesse van die tughandeling en die effek daarvan op u belewing van die emosie van skuld?*

- *Respondent 1* het gesê dat hy 'n geweldige aggressie beleef het en tans nog steeds beleef. Hy beleef dat dit hom die brandstof gee om die gebeure te hanteer en staande te kan bly tydens die ontwrigtende konfliksituasie. Die aggressie is 'n bron waaruit hy put.
- *Respondent 2* het gesê dat hy die hele tughandeling as liefdeloos ervaar het. Hy het ook 'n intense woede en bitterheid beleef. Hy beweer dat die persone wat die tughandeling moet deurvoer, net aan kerkordelike prosedures aandag gee (selfs al het hulle steeds growwe prosedurefoute begaan) en nie aan die mens wat deur die proses geraak word nie.
- *Respondent 3* het nie addisionele inligting kon gee op die vraag nie.
- *Respondent 4* het gesê dat hy "oorweldig is deur die gebeure" en dat hy "niemand meer kan vertrou nie". Hy stel dit ook dat "die kerk vol mense is met hul eie agendas".
- *Respondent 5* maak die stelling dat die ervaring van die prosesse van die tughandeling algaande sy skuldgevoel vergroot omdat dit meer en meer blootstelling beteken.
- *Respondent 6* het sy nek gevryf terwyl hy nagedink het oor die vraag en toe geen verdere informasie gehad om te voorsien nie.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Aggressie en bitterheid is blywende indrukke van die ervaring van die tughandeling. So ook liefdelose toepassing van die tugproses en die ontdekking dat die geloofsgemeenskap nie altyd is wie hulle voorgee om te wees nie. Die feit dat respondente dit soms moeilik gevind het om hulle eie mening oor die tugproses en die ervaring van skuldgevoelens te verwoord, dui daarop dat daar tog nog 'n groot mate van onverwerkte gevoelens aanwesig is.

Hierna is die respondente se belewing van skandgevoelens tydens die tughandeling ondersoek. Vraag 7 – 11 het ten doel om vas te stel of die respondente skandemosie beleef het en wat die intensiteit van daardie belewing was. Die mate waarin die respondent destruktiewe skandemosie beleef het, is ook ondersoek. So ook is die talle

verdedigingsmeganismes wat mense gebruik om die onhoudbare ongemak van skandgevoelens te oorleef as stellings gegee en getoets.

**SKANDGEVOELENS**

**Skandgevoelens is in die studie gedefinieer as 'n belewing van inherente tekorte. Dit is die belewing van mislukking. Skande word beleef as 'n blootlegging van die self as ontoereikend, sleg, onwaardig. Skande is 'n selfbeoordeling van die eiewaarde. Skande is hoofsaaklik 'n ontologiese saak. Dit het te doen met 'n persoon se identiteit en menswees.**

*Vraag 7: Het u tydens die tughandeling, gevoelens van skande beleef? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|
| 2 | - | 4 |

- *Respondent 1* het met 'n 1 aangedui dat hy geen skandgevoelens beleef het nie aangesien hy nie 'n oortreding begaan het in die kerkordelike sin van die woord nie.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy definitief baie ernstige skandgevoelens beleef het. Sy gevoelens van skande en skaamte het hom dikwels in wanhoop gelaat aangesien hy groot twyfel in sy gemoed ervaar het. Hy noem dat sy bona fides in twyfel getrek is en dat sy roeping tot die bediening bevraagteken is. Dit het sy skandgevoelens vergroot.
- *Respondent 3* het die emosie van skande en skaamte beleef tydens die tughandeling (3).
- *Respondent 4* het vanaf die begin van die onderhoud gesê dat skandgevoelens groter in sy gemoed beleef is as skuldgevoelens. Hy het positief geantwoord (3) op die vraag na die belewing van skandgevoelens. Aanvanklik was dit nie so erg beleef nie, maar dit het sterker geword en later het hy beleef dat hy "'n fout moet hê". Hy het later met sy aanvaarding van die beroep na 'n ander gemeente eers

besef hoe diep sy skandgevoelens ervaar word. Hy het bewus geword van die verskil in die vorige gemeente se houding, naamlik: "hulle wou my nie meer hê nie", tot die nuwe gemeente se aanvaarding van "ons is so bly jy kom na ons gemeente!"

- *Respondent 5* het die gevoelens van skande beleef (3).
- *Respondent 6* het tot op hede geen (1) gevoel van skande en skaamte beleef nie.

**Gevolgtrekking**

Die meeste respondente het wel skandgevoelens beleef. Dit was dadelik opmerklik dat hulle nie gemaklik voel om oor die emosie van skande te praat nie.

*Vraag 8: Indien u op vraag 7 Ja geantwoord het, beskryf die intensiteitsvlak van u belewing, van die skandemosie tydens die tughandeling.*

*Gebruik die volgende skaal: 1 = Min; 2 = Redelik; 3 = Groot; 4 = Oorweldigend*

| **1** | **2** | **3** | **4** |
|---|---|---|---|
| 2 | - | 2 | 2 |

- *Respondent 1* het met 'n 1 aangedui dat hy geen skandgevoelens beleef het nie.
- *Respondent 2* het die intensiteitvlak van sy skandgevoelens as 'n (3) beskryf.
- *Respondent 3* het die intensiteitsvlak van die emosie as groot (3) aangedui.
- *Respondent 4* het die skandgevoelens oorweldigend beleef (4). Hy het gesê dat "die mat onder hom uitgeruk is" en dat hy diep geskok was oor die gebeure. Hy het gaandeweg in sy eie vermoëns begin twyfel.
- *Respondent 5* het oorweldigende (4) skandgevoelens beleef.
- *Respondent 6* – vraag nie van toepassing nie.

**Gevolgtrekking**

Vier respondente het aangedui dat die intensiteitsvlak van hulle belewinng van

skandgevoelens as groot en oorweldigend beleef is.

Vraag 9 kontroleer die eerste vraag oor die belewing van skandgevoelens en gee verdere toeligting oor die respondent se belewing van tipiese skandemosie.

*Vraag 9: Het u op enige stadium tydens u belewing en verwerking van skandgevoelens, bewustelik of onbewustelik tot die volgende besef rakende u self gekom? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| **Dinamiek van destruktiewe skandgevoelens** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Ek het 'n persoonlike afkeer ontwikkel in myself en was diep teleurgesteld. | 4 | 2 | - |
| Ek besef dat ek vir God, myself en baie ander mense diep teleurgestel het. | - | 2 | 2 |
| Ek het gevoel dat ek deur God en mens verlaat is. | 1 | 1 | 4 |
| Ek is diep verneder en van my menswaardigheid gestroop. | 2 | 1 | 3 |
| Ek het 'n belewing van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar. | 3 | - | 3 |
| Ek het besoedel en besmet gevoel. | 2 | 2 | 2 |

- *Respondent 1* het met 'n 1 (nee) aangedui dat hy geen een van die kenmerke van 'n persoon wat skandgevoelens beleef, vertoon het nie.
- *Respondent 2* het aangedui dat sy belewing van die dinamiek van skuldgevoelens gewissel het tussen 'n (1) en 'n (2) wat sy persoonlike gevoelens van afkeer betref en sy teleurstelling in homself. Hy was onseker (2) of hy regtig vir God en mense diep teleurgestel het. Hy het aangedui dat hy onseker (2) gevoel het of mense hom weggestoot het, maar dat die Ringskommissielede dit gedoen het daarvan is hy oortuig (3). Hy sê dat hy nooit die belewing gehad het dat God hom verlaat het nie. Respondent 2 is onseker (2) of hy tydens die tughandeling van sy menswaardigheid gestroop is. Hy het wel 'n definitiewe ervaring (3) van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar. Hy is onseker (2) of hy gevoel het dat hy besoedel en besmet is.

- *Respondent 3* het nie (1) 'n persoonlike gevoel van afkeer in homself ervaar nie. Hy het miskien (2) beleef dat hy vir God, homself en ander mense diep teleurgestel het. Die respondent het beslis beleef dat mense hom verlaat het (3), maar het nie gevoel dat God hom verstoot het nie. Hy voel diep verneder (3) en van sy menswaardigheid gestroop. Hy ervaar nie dat hyself gebrekkig, onvolkome of defek is nie (1). Hy het verder aangedui dat hy onseker is of hy besmet en besoedel voel.
- *Respondent 4* het die ontwikkelingsgang van emosies beklemtoon. Hy het reeds as kind ernstige skandgevoelens beleef en die gebeure van die tughandeling het daarop gebou omdat dit ook onverwekte emosies is. Die respondent het gesukkel om sy teleurstelling in homself te aanvaar aangesien hy sê dat "hulle my nooit gewys het wat ek verkeerd gedoen het nie". Hy het daarom die eerste stelling as onseker (2) aangedui. Hy het 'n definitiewe gevoel ervaar dat hy homself en God teleurgestel het (3) en dat God en mense hom verlaat het (3). Daar was egter 'n kerngroep wat hom en sy gesin ondersteun en bygestaan het. Die respondent het op die volgende stellings positief gereageer (3).
- *Respondent 5* het aangedui dat hy nie (1) 'n persoonlike afkeer in homself ontwikkel het nie. Ten opsigte van die ander aspekte van die dinamiek van skandgevoelens het hy bevestig (3) dat dit deel van sy belewing was. Hy het dikwels gevra: "Hoekom Here?" en so gevoel dat God hom verlaat het. Die respondent het ook ernstige twyfel oor sy eie vermoëns beleef en so 'n gevoel van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar.
- *Respondent 6* sê dat hy "vrede" met homself het en die eerste stelling negatief (1) aangedui. Hy het nie vir God en mense teleurgestel nie (1). Hy beleef wel dat mense hom eenkant toe stoot (3), maar kan nie dieselfde van God sê nie. Hy het reeds 'n preektema geformuleer wanneer hy weer toegelaat word om die Woord te bedien, naamlik: "Al het julle, Hy het nie!". Hy sê God kom altyd eerste in sy lewe. Hy gee ook groot betekenis aan die teks van Johannes 8:3-11 en pas die Here se gesindheid teenoor die owerspelige vrou direk op homself toe. Die respondent het nie (1) 'n belewing van gebrekkigheid of onvolkomendheid nie. Hy het egter bygevoeg dat "almal vol foute" is en dat almal eintlik so kan voel. Hy voel nie besoedel en besmet nie.

**Gevolgtrekking**

Respondente se beantwoording van die vraag na die dinamiek van skandgevoelens het 'n verspreiding oor die tabel getoon. Hulle het meer dikwels die onseker (2) opsie uitgeoefen, maar was veral geraak deur die gevoel dat hulle alleen staan en dat mense hulle eenkant toe gestoot het. Die ervaring van gebrek en onvolkomendheid het duidelik geblyk.

Met die volgende vraag is die verdedigingsmeganismes ondersoek, wat gebruik word om skandgevoelens se effek te versag.

*Vraag 10: Merk asseblief al die meganismes wat u gebruik het om die onhoudbare ongemak van skandgevoelens te hanteer. Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| **Verdedigingsmeganismes in die hantering van destruktiewe skandgevoelens** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Strewe na perfeksionisme om te kompenseer vir die gevoel van mislukking en defek | 3 | - | 3 |
| Selfregverdiging deur eie optrede goed te praat en te verdedig | 1 | 2 | 3 |
| Manipulasie van die situasie/mense/feite | 4 | - | 2 |
| Blaamverskuiwing deur skuld op ander te projekteer | 5 | - | 1 |
| Martelaarkompleks wat vra om bejammering | 5 | - | 1 |
| Minagting in die vorm van arrogansie, meerderwaardige houding, veroordelende en vernederende optrede | 3 | - | 3 |
| Ontkenning van skuld | 4 | - | 2 |
| Humor in die vorm van sarkasme en sinisme (kan ook selfvernederende humor wees) en ongeërgde vrolikheid | 2 | - | 4 |
| Onttrekking en isolasie | 1 | - | 5 |
| Woede soos algemene vyandiggesindheid, bitterheid, kroniese haatdraendheid of 'n eksplosiewe manifestasie van woede | - | - | 6 |

- *Respondent 1* het met 'n 2 (Onseker) aangedui dat hy wel die meganisme van selfregverdiging gebruik het om sy eie optrede goed te praat en te verdedig. Hy het ook aangedui (3 – Ja) dat hy in sy eie optrede gevind het dat hy die teenparty met arrogansie, meerderwaardige houding, veroordelende en vernederende optrede behandel het. Hy gebruik definitief humor in die vorm van sarkasme en sinisme en is dikwels ongeërg en vrolik ten spyte van die onverkwiklike situasie (3 – Ja). Sy denke en optrede dui hy aan met 'n 3 (Ja) en dit sluit woede, algemene vyandiggesindheid, bitterheid, kroniese haatdraendheid en eksplosiewe woede in. Hy het telkens gestel dat hy 'n "boanerges" – seun van die donder, is. Respondent 1 het met 'n negatief op al die ander stellings reageer. Die leser sal merk dat hierdie respondent aanvanklik aangedui het dat hy geen skandemosie beleef het nie. Hy toon egter drie verdedigingsmeganismes wat direk met skandgevoelens verbind kan word. Die respondent het dikwels gepraat van "face verloor" en daarmee na die teenparty verwys. Hierdie term van hom verwys na niks anders as die destruktiewe ervaring van skande nie. Dit is dalk moontlik dat die gevoel van skande meer vernederend en destruktief funksioneer as skuldemosie en dat die erkenning daarvan verdere verlies van "gesigswaarde" beteken.
- *Respondent 2* het ten opsigte van die meganismes wat hy gebruik het om die gevoelens van skande te hanteer as volg aangedui. Hy het moontlik (2) homself soms probeer regverdig deur sy eie optrede goed te praat en te verdedig. Hy herinner hom egter altyd aan 'n preek wat hy gehoor het met die tema: "God ken my hart". Repondent 2 het homself dikwels onttrek en geïsoleer (3) deur binne die veilige ruimte van die pastorie te bly. Hy het ook dikwels 'n woede in homself gevind (3) wat gepaardgaan met 'n algemene vyandiggesindheid, bitterheid en haatdraendheid teenoor die persone wat hy gevoel het dat hulle hom te nagekom het. Tydens 'n spesiale tyd van die jaar (Kersfees), het hy homself definitief bejammer (3) en was die martelaarskompleks duidelik te sien. Ten opsigte van al die ander verdedigingsmeganismes het hy dit met 'n (1) aangedui. Hy het wel sarkasme benut om teenoor 'n sekere persoon op te tree en het gereeld ervaar dat ander persone hulself meerderwaardig ag ten opsigte van hulle verhouding met hom.
- *Respondent 3* het ten opsigte van al die meganismes wat ter versagting van die belewing van skandgevoelens gebruik word, ontkennend geantwoord (1). Hy het

wel aangedui dat hy homself onttrek en geïsoleer het (3) en nog steeds voortgaan om dit te doen. Hy sê ook dat sy belewing van 'n woede, vyandiggesindheid, bitterheid en kroniese haatdraendheid veral teen die lede van die ondersoekliggaam gerig is (3).

- *Respondent 4* het positief op die gebruik van die eerste twee verdedigingsmeganismes geantwoord (3). Hy antwoord negatief (1) op die gebruik van die volgende meganismes: manipulasie, blaamverskuiwing, selfbejammering en minagting. Die respondent verduidelik sy antwoord deur te sê dat hy "sy verliese en seer onderdruk om sterker te lyk, dat hy geskool is om ordentlik en gaaf en goed te wees". Hy moet dus eintlik positief antwoord (3). Hy het egter sarkasme en sinisme benut (3), homself en sy gesin onttrek en geïsoleer (3) en 'n woede beleef teenoor sekere persone (3). Die respondent het 'n aantal kere vertel waar sy woede deur drome na vore geroep is. Hy het tydens hierdie drome sy vrou geslaan en selfs die bed se voetstuk stukkend geskop. Die respondent het homself as 'n mens met 'n meer ernstige geaardheid beskryf en iemand wat die Here se blydskap probeer uitleef.
- *Respondent 5* het die gebruik van die genoemde verdedigingsmeganismes almal beaam (3) en in sommige gevalle aangedui hoe dit persoonlik gebruik is in die hantering van die onhoudbare ongemak wat dit veroorsaak het. Hy plaas groot klem op nougesetheid in alles wat hy aanpak en streef so na perfeksionisme sodat niemand enige fout by hom sou kon vind nie. Die respondent het homself dikwels regverdig deur sy eie optrede goed te praat deur te sê dat hy "nie so 'n slegte dominee is nie en dat die gemeente eenparig dieselfde sê". Hy het homself dikwels bejammer en gevoel dat "niemand omgee" nie. Hy het gevoel om hom te onttrek en te isoleer, maar het homself "doelbewus tog gedwing" om kontak na buite te maak. Ten opsigte van die belewing van woede sê hy dat daar "nie een dag is wat ek nie kwaad is vir die Kerk nie".
- *Respondent 6* het geoordeel dat hy wel kompenseer vir die gevoel van mislukking deur perfeksionisties te wees (3) ten opsigte van die musiek wat hy komponeer en speel. Hy praat dikwels sy optrede goed (3) en manipuleer soms die feite om homself in 'n beter lig te stel (3). Hy het erken dat hy selfs probeer om die tughandeling te manipuleer. Hy sê dat hy nie (1) die skuld op ander projekteer nie omdat hy vrede met sy eie menswees gemaak het en met baie ander "issues" in sy

lewe. Die respondent voel ook dat hy homself nie (1) bejammer nie. Hy gebruik wel (3) arrogansie as verdedigingsmeganisme omdat hy voel dat hy "niemand nodig het nie". Sarkasme en sinisme (3) word gesien in die woorde wat regdeur die onderhoud herhaal is, naamlik: "Laat hulle maar die coin flip!". Die respondent onttrek en isoleer homself van ander mense (3). Hy sê dat hy gevoelens van woede beleef (3), maar dat hy geleer het om dit te hanteer. Hy is 'n "martial arts" vegter en het geleer om beheer te neem van omstandighede en van gevoelens. Hy sê dat hy die rasionele pad volg om sy woede te hanteer. Hy benut verder die speel van musiekinstrumente, kunshengel en drie vertrouelinge met "wie hy alles deel en deur wie hy nie veroordeel word nie", om sy gevoelens van woede te verwerk.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Respondente het 'n groter strewe na perfeksionisme getoon na aanleiding van die ervaring van skande. Hulle het hulself en hul optrede dikwels probeer regverdig. Minagting as uitvloeisel van die ervaring van skande is beleef en wel as arrogansie en meerderwaardigheid. Sarkasme en sinisme het in menige gemoed 'n weerspieëling geword van die belewing van skandemosie. Vyf respondente het hulle onttrek en geïsoleer van ander as gevolg van die gevoel van skande en skaamte. 'n Deurdringende bitterheid wat 'n kroniese haatdraendheid geword het, en selfs eksplosiewe woede gemanifesteer het, is duidelik tekens van verdedigingsmeganismes in die hantering van skandgevoelens.

*Vraag 11: Wat was u ervaring van die prosesse van die tughandeling en die effek daarvan op u belewing van die emosie van skande?*

Op die oop vraag na die persoonlike belewing van skandemosie het die respondente as volg gereageer.

- *Respondent* 1 het aangedui dat dit slegs die ervaring van blywende woede is wat hom gedurende die tughandeling met skandgevoelens verbind.
- *Respondent 2* het die effek van die tughandeling as 'n blywende "seer" aangedui. Hy voel grootliks verneder en vra homself dikwels die "Hoekom ek ?" vraag. Hy noem dat die besef dat predikante nie gevrywaar word van skandgevoelens nie ook

vasgesteek het in sy gemoed. Hy noem wel dat hy nou met ander oë kyk na die spesifieke probleem waarmee hy te doen gekry het.

- *Respondent 3* het hierop geantwoord dat "jy moet aangaan, al weet die gemeenskap".
- *Respondent 4* het die tughandeling ervaar as buitengewoon skokkend en dit as 'n "geweldige persoonlike verlies" beskryf. Hy erken dat hy stadig is om persoonlike verliese te erken en nog stadiger is om emosie te toon.
- *Respondent 5* het gesê dat die boodskap van die tugproses baie duidelik is: "Jy is 'n skande en verleentheid vir die Kerk!".
- *Respondent 6* het gesê dat jy jouself vashardloop teen tradisie. Almal verwag ook van jou om geheel en al foutloos te wees. Hy bid elke dag die Äronietiese seënbede oor homself en sy doen en late.

**Gevolgtrekking**

Blywende woede, seer, vernedering en verlies is die gevolg van die ervaring van die tughandeling en die gepaardgaande emosie van skande.

Vraag 12 en 14 wil die positiewe element van die belewing van skuld- en skandgevoelens ondersoek soos dit in die literatuurstudie beskryf is.

*Vraag 12: Het u op enige stadium geoordeel dat daar positiewe aspekte aan die belewing van skuldgevoelens is? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| 2 | - | 4 |

- *Respondent 1* het aangedui (3) dat hy wel positief kan oordeel oor sy belewing van skuldgevoelens tydens die tughandeling.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy ook positiewe betekenis kan heg aan die ervaring van skandgevoelens (3).
- *Respondent 3* het ook aangedui dat hy wel positiewe belewinge het wat deur die skuldgevoelens teweeg gebring is (3).

- *Respondent 4* het bevestig (3) dat hy die positiewe aspekte van die belewing van skuldemosie ervaar het.
- *Respondent 5* het die negatief (1) geantwoord op positiewe aspekte van die belewing van skuldgevoelens.
- *Respondent 6* het negatief (1) geantwoord.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Vier respondente het wel positiewe ervarings van die belewing van skuldgevoelens, terwyl twee negatief geantwoord het.

*Vraag 13: Gee asseblief meer inligting.*

- *Respondent 1* het aangedui dat hy definitief daardeur gedwing is om introspektief te werk te gaan. Dit het hom gebring tot erkenning van skuld en skuldbelydenis. Hy besef ook daardeur dat hy as mens deel is van die gebroke werklikheid.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy met veel groter begrip en empatie na persone kyk wat in soortgelyke omstandighede verkeer. Die positiewe aspekte van skandgevoelens beskryf hy verder as die wete dat God ‘n mens se situasie deeglik verstaan. God se vergifnis en vryspraak is positief beleef. Hy het ook weereens sy afhanklikheid van God deeglik besef.
- *Respondent 3* het gesê dat hy groot geloofsgroei beleef het en dit het gebeur na ‘n tyd van diep persoonlike, geestelike worsteling. Hy het in die tyd van sy stuiting baie tyd gehad en het dit benut vir Bybelstudie, gebed en introspeksie.
- *Respondent 4* het beleef dat die Here ‘n mens baie leer terwyl dit swaar gaan. Hy het ook baie meer empatie met mense wat hulle werk verloor. Die ervaring van skuldemosie het hom ook gedwing om sekere dinge wat uit die verlede (selfs kinderjare) kom, reg te stel.
- *Respondent 5* maak die stelling dat hy “na 7 jaar nog nie die doel van alles kan verstaan nie”. Die hele proses “maak geen sin nie”. “Ek sien nie die doel van die oefening nie”, het hy bygevoeg.
- *Respondent 6* sê dat die lewe soos ‘n klassieke komposisie is. Daar is verskillende instrumente en die keuse van instrumente bepaal die effek van dit wat jy hoor.

Dieselfde musiek kan op verskillende geleenthede gespeel word en elke keer betekenis hê.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Die positiewe ervaring van skuldemosie is onder andere introspeksie, empatie met ander, die belewing van God se genade en vergifnis en persoonlike geloofsgroei.

*Vraag 14: Het u op enige stadium geoordeel dat daar positiewe aspekte aan die belewing van skandgevoelens is? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| 1 | - | 5 |

- *Respondent 1* het aangedui (3) dat hy positiewe aspekte ten opsigte van skandemosie beleef het.
- *Respondent 2* het aangedui (3) dat hy positiewe aspekte ten opsigte van skandemosie beleef het.
- *Respondent 3* het eweneens (3) aangedui dat sy skandgevoelens positiewe effek gehad het.
- *Respondent 4* het aangedui (3) dat hy positiewe aspekte ten opsigte van skandemosie beleef het.
- *Respondent 5* het positief (3) geantwoord op die positiewe belewing van skandgevoelens.
- *Respondent 6* het negatief geantwoord (1).

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Vyf van die ses respondente het aangetoon dat die belewing van skandemosie wel ook positiewe aspekte inhou.

*Vraag 15: Gee asseblief meer inligting.*

- Respondent 1 het aangedui dat hy enige positiewe aspek van moontlike skandemosie benut het deur van sosialisering gebruik te maak en daardeur aan te toon dat die teenparty se missie om hom te verneder, mislukte pogings was.
- Respondent 2 het sy groter begrip as uitvloeisel van die belewing van skandgevoelens beskryf.
- Respondent 3 het aangedui dat dit hom geleer het om "sterk te wees en aan te gaan".
- Respondent 4 het gesê dat hy na sy ervaring en gedeeltelike hantering van skandemosie reeds in die kerklike situasie ander mense kon help wat soortgelyke probleme ervaar. Hy het ook opnuut besef dat die letsels en indrukke van onafgehandelde emosies 'n groot bydrae lewer tot sy ervaring van huidige skandgevoelens.
- Respondent 5 het genoem dat hy die "geleenthede raaksien om ander te ondersteun" wat deur soortgelyke gevoelsbelewing geraak word.
- *Respondent 6* oordeel dat hy nie skandgevoelens ervaar nie.

**Gevolgtrekking**

Die positiewe aspekte wat deur die skandemosie bewerk is, is persoonlike sterkte en groei, empatie en hulpverlening.

Vraag 16 – 23 ondersoek die pastorale begeleiding wat die respondente tydens die tughandeling van kerklike weë ervaar het. Daar is vrae gestel oor die teologie van die pastoraat, die funksie van pastoraat tydens die tughandeling, die funksionering van die onderlinge sorg tydens die tughandeling asook die amptelike sorg. Die eise wat aan pastorale sorggewers gestel word, is ondersoek en die eis aan predikante wat aan die tughandeling onderwerp word, is ook belig.

## AFDELING C: DIE TUGHANDELING EN PASTORALE BEGELEIDING

Vraag 16 is 'n vraag na die teologiese vereistes van pastoraat tydens die tughandeling.

*Vraag 16: Hoe belangrik dink u is die volgende vereistes ten opsigte van die pastoraat tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 =Redelik belangrik; 3 = Nie baie belangrik, maar ook nie onbelangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Uiters belangrik*

| **Vereistes ten opsigte van pastoraat tydens die tughandeling** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| Suiwer teologiese antropologie en realistiese verwagtings | - | - | - | - | 6 |
| Die verbond en God se aanvaarding van sondaar mense | - | - | - | - | 6 |
| Regverdigmaking deur die geloof | - | - | - | - | 6 |
| Die kruis as simbool van die uitwissing van skande en oneer | - | - | - | - | 6 |
| Die geloofsgemeenskap as die draer van die boodskap van genade | - | - | - | - | 6 |
| Herder vir die herders wat sorg benodig | - | - | - | - | 6 |
| Die genade van vergifnis | - | - | - | - | 6 |

- *Respondent 1* het al die teologiese rigtingduiders ten opsigte van die pastoraat met spesifieke verwysing na die tughandeling van predikante met 'n 5 (Uiters belangrik) aangedui.
- *Respondent 2* het ook al die teologiese rigtingduiders as uiters belangrik aangedui (5). Hy beklemtoon dat die geloofsgemeenskap die boodskap van begrip en vryspraak dra en spesifiek aan die persoon in nood.
- *Respondent 3* het alle vereistes ten opsigte van die pastoraat as uiters belangrik aangedui (5). Hy het egter die opmerking gemaak dat die ondersoekliggaam die onmoontlike taak het om die tughandeling uit te voer en dat dit hul taak as draer van die boodskap van genade uiters bemoeilik. Daarom vra hy die vraag "hoe nou?"
- *Respondent 4* het die uiterste belang (5) van die vereistes bevestig. Hierby het hy gevoeg dat die Kerk nie die predikant bystaan in jou gebrokenheid nie en ook nie jou eiesoortigheid verstaan nie.

- *Respondent 5* het die vereistes as uiters belangrik (5) gemerk. Hy het aangedui dat dit juis die probleem is, naamlik dat daar nie 'n suiwer en realistiese verwagting van predikantwees en lidmaatwees in die Kerk aanwesig is nie. Hy sê daarvan: "...maar dit funksioneer nie!". Oor al die ander vereistes maak hy die volgende opmerking: "Dit is net teologie!"
- *Respondent 6* het al die vereistes as uiters belangrik (5) aangedui. Hy het gesê dat woorde skeppingsmagtig is en dat die vereistes vir die pastoraat ten opsigte van die tughandeling beklemtoon behoort te word.

**Gevolgtrekking**

Respondente het sonder uitsondering aangetoon dat die gestelde eise van tugpastoraat ononderhandelbaar is. Tog het hulle gemeen dit bly maar teologie en vind nie neerslag in die praktyk nie.

Ten opsigte van tugpastoraat is die volgende vraag gestel:

*Vraag 17: Hoe belangrik dink u is die volgende funksies van tugpastoraat? Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 =Redelik belangrik; 3 = Nie baie belangrik, maar ook nie onbelangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Uiters belangrik*

| **Funksie van pastoraat tydens die tughandeling** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| Emosionele herstel en genesing | - | - | - | - | 6 |
| Bystand om emosioneel en geestelik te groei | - | - | - | - | 6 |
| Begeleiding om vrye keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat verby is en dit wat voorlê | - | - | - | - | 6 |
| Versoening en die herstel van gebroke verhoudings | - | - | - | - | 6 |
| Koestering en sensitiewe omgee | - | - | - | - | 6 |

- *Respondent 1* het met ‘n 5 (Uiters belangrik) aangedui hoe hy voel oor die gestelde funksie van tugpastoraat van predikante.
- *Respondent 2* het soos respondent 1 aangedui dat al die genoemde funksies van die tugpastoraat uiters belangrik is (5). In sy situasie het hy beklemtoon dat die herstel van goeie verhouding met sy kinders van uiterste belang was.
- *Respondent 3* het ook die verskillende funksies van die tugpastoraat as uiters belangrik beskou (5).
- *Respondent 4* het die funksies as uiters belangrik (5) gemerk. Sy opmerking was dat “tug oor die algemeen liefdeloos toegepas word”.
- *Respondent 5* het al die funksies as uiters belangrik (5) aangedui en ten opsigte van die begeleiding om vrye keuses te maak bygevoeg: “Jy staan soos jou vinger alleen!”. Oor die versoening en herstel van gebroke verhoudings sê die respondent dat die Ring dit van hom verwag het en dat hy dit ten koste van homself moes doen.
- *Respondent 6* het die funksies as uiters belangrik (5) aangedui.

**Gevolgtrekking**

Alle respondente het die funksie van tugpastoraat beklemtoon as uiters belangrik. Hier is weereens die gevoel geuiter dat dit in die praktyk nie realiseer nie.

Vraag 18 ondersoek die onderlinge sorg en die tughandeling van predikante.

*Vraag 18: In watter mate behoort die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap te funksioneer tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Glad nie; 2 = Min; 3 = Redelik; 4 = Sterk*

| **Onderlinge sorg tydens die begeleiding van predikante met die tughandeling** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die gemeente het mekaar waarlik en onvoorwaardelik lief | - | - | - | - | 6 |
| Die gemeente dien mekaar | - | - | - | - | 6 |
| Die gemeente bid sonder ophou vir mekaar | - | - | - | - | 6 |
| Die gemeente gee met 'n sagmoedige gees ag op mekaar deur te verdra en te vergewe | - | - | - | - | 6 |
| Die gemeente leef in liefde met mekaar saam al is dit soms moeilik en volhard in die gemeenskap van die eenheid | - | - | - | - | 6 |
| Die gemeente hou vrede met mekaar | - | - | - | - | 6 |
| Die gemeente bemoedig mekaar | - | - | - | - | 6 |

- *Respondent 1* het met 'n 4 (Sterk) aangedui dat hy ten opsigte van al die gestelde uitinge van onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap saamstem.
- *Respondent 2* het wat die onderlinge sorg tydens die begeleiding van predikante tydens die tughandeling al die stellings as sterk (4) aangedui.
- *Respondent 3* het die onderlinge sorg wat van die geloofsgemeenskap verwag word tydens die tughandeling as sterk (4) gemerk.
- *Respondent 4* het die onderlinge sorg tydens die begeleiding van predikante tydens die tughandeling al die stellings as sterk (4) aangedui. Hy het bygevoeg dat die afstand tussen die amp van gelowige en die besondere ampte te groot is. Die gemiddelde gelowige besef nie wat werklik gebeur nie.
- *Respondent 5* het aangedui dat die beginsels van die onderlinge sorg sterk (4) behoort te funksioneer en dat hy dit ten opsigte van die grootste deel van die lidmate van die gemeente so beleef het.
- *Respondent 6* het die beginsels as sterk (4) gemerk.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Die wyse waarop die onderlinge sorg behoort te funksioneer is deur al die respondente bevestig as uiters belangrik.

*Vraag 19: Hoe het u die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap beleef tydens die tughandeling?*

- *Respondent 1* het met die onderlinge sorg van 'n selgroep beleef (ongeveer 6 gesinne) dat sekere lidmate wel omgee. Hierdie groep kom gereeld byeen vir 'n weeklikse byeenkoms. Die respondent gaan voort met 'n informele bediening en hou selfs Sondagaande 'n erediens vir 'n groter groep lidmate. Hierdie respondent het gesê dat hy dit beleef dat ongeveer 30 persent van die gemeente direk betrokke is by die onderlinge sorg aan hom en sy gesin. 'n Middelgroep van 50 persent gee oënskynlik nie veel om oor wat gebeur nie en 'n groep van ongeveer 20 persent is hom vyandiggesind.
- *Respondent 2* het met die volgende woorde die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap tydens die tughandeling aangedui: "Daar bestaan nie sulke sorg nie!" Hy sê wel dat hy groot ondersteuning van mense buite sy eie gemeente en die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevind het.
- *Respondent 3* het die gesê dat 'n "handvol" lidmate hom in die tyd van die tughandeling ondersteun het. Hy het egter beleef dat die bemoediging nie die patorale ondersteuning gee wat hy nodig gehad het tydens die ondersoek nie.
- *Respondent 4* het gesê dat genoeg mense van die gemeente hom en sy gesin spontaan bygestaan en ondersteun het. Hulle het hom selfs gevra om 'n ander kerk te stig.
- *Respondent 5* noem dat baie lidmate hom ondersteun het. Hy voel egter baie jammer dat "die gemeente so moes ly" en dat hulle ook deur die hele onverkwiklike proses geraak is.
- *Respondent 6* het gesê dat hy nie verwag dat die gemeente enige ondersteuning sal gee tydens die tughandelig nie, omdat hulle "maar net mense is en swig onder groepsdruk".

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Die respondente het telkens genoem dat 'n klein groepie lidmate aktief betrokke was in aktiewe ondersteuning en hulpverlening. In die geheel is die geloofsgenote as apaties beleef en was daar afstand tussen predikante en die gemeentelede.

Die volgende vraag is ‘n kernvraag in hierdie ondersoek na die pastorale begeleiding van predikante.

*Vraag 20: Het iemand tydens die kerklike tughandeling u amptelik, pastoraal in opdrag van die Kerkraad of Ring begelei om die gevoelens van skuld en skande te verwerk?*

| Ja | Nee |
|---|---|
| - | 6 |

- *Respondent 1* het met ‘n Nee aangedui dat hy op geen stadium amptelik, pastroaal begelei is tydens die tughandeling nie. Wat sy gevoelens van skuld en skand betref, is daar geen sprake van begeleidng nie. Hy het ‘n brief van die Kerkraad ontvang wat hom verseker van deurlopende hulp en ondersteuning, maar het tot op hede nog niks daarvan beleef nie. Die pastorie se hekke is reeds by geleentheid met nuwe slotte gesluit en die plaaslike munisipaliteit is amptelik opdrag gegee om die elektrisiteitstoevoer na die pastorie te staak. Die Predikante Begeleidingskommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (PBK) het eenmalig telefoniese kontak gemaak, maar geen hulp is aangebied of gegee nie.
- *Respondent 2* het gesê dat niemand hom namens die Kerk besoek, of begelei het tydens die tughandeling nie.
- *Respondent 3* het dit sterk gestel dat hy geen amptelike pastorale ondersteuning van die Kerkraad of Ring ontvang het nie. Die Ring se voorstel was “Gaan soek vir jou ‘n mentor!” Daarom sê hy dan ook dat hy “vere” voel vir die Ringspredikante en dat die kohesie en samehorigheid van die Ring na die tughandeling besig is om “uitmekaar te val”.
- *Respondent 4* het beslis negatief geantwoord. Niemand het hom amptelik, pastoraal bygestaan nie. Hy is by een geleentheid besoek (besoek duur slegs ‘n paar minute) deur die Ringsvoorsitter en ‘n gebed is vir hom gedoen.

- *Respondent 5* het die gesê dat niemand hom amptelik namens die Kerkraad of Ring bygestaan het nie. Hy het beleef dat die Voorsitter van die Ring hom met minagting behandel het. Die voorsitter het persoonlik tydens die tughandeling aan hom gesê dat hy "diep teleurgesteld is" in die respondent. Hy het wel ondersteuning ontvang van 'n predikant van 'n ander kerkdenominasie.
- *Respondent 6* het geen amptelike ondersteuning van kerklike weë ontvang nie en meen dat hy nie daardeur onkant betrap sal word nie. Hy sê: "Ek is in beheer. Vertroue word verdien. Ek het geen vertroue nie.".

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Geen respondent is tydens die tughandeling op amptelike wyse ondersteun, met raad bedien, geestelik versorg of op enige wyse begelei nie. Daar was eerder groot afstand tussen die Ringsbroeders en die respondente. Die respondente het eerder 'n koue skouer ontvang en moes maar self die beste van die saak maak.

Tydens die literatuurstudie is bevind dat die pastorale sorggewers aan spesifieke vereistes behoort te voldoen wanneer hulle deel vorm van die pastorale begeleiding van predikante wat gebuk gaan onder die tughandeling en met onverwerkte gevoelens van skuld en skande worstel.

*Vraag 21: Moet die pastorale sorggewers tydens die tughandeling aan die volgende vereistes voldoen? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

| **Eise aan die pastorale sorggewers gestel met begeleiding tydens die tughandeling** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Liefdevolheid | - | - | 6 |
| Empatiese meelewing | - | - | 6 |
| Egtheid | - | - | 6 |
| Betroubaarheid | - | - | 6 |
| Emosionele en geestelike volwassenheid | - | - | 6 |
| Toeganklik en beskikbaar | - | - | 6 |
| Omgee geaardheid | - | - | 6 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Onvoorwaardelike aanvaarding | - | - | 6 |
| Geduldig | - | - | 6 |
| Respek en eerbied vir ander | - | - | 6 |
| Professioneel | 1 | - | 5 |
| Toegerus om pastorale verantwoordelikhede te verrig (fokus op tughandeling) | - | - | 6 |

- *Respondent 1* het met 'n 3 (Ja) aangedui dat hy al die vereistes wat aan pastorale sorggewers gestel word, beaam. Hy het egter met 'n 1 (Nee) aangedui dat die persoon (e) noodwendig professionele mense hoef te wees nie.
- *Respondent 2* het al die eise wat aan pastorale sorggewers gestel kan word met 'n (3) aangedui. Ten opsigte van liefdevolheid het hy ook bygevoeg "sensitief soos Jesus" en by betroubaarheid het hy vertroulikheid as eis bygevoeg. Hy beklemtoon dat boekekennis nie 'n vereiste is vir sorggewers nie. Boekekennis het weinig betekenis indien sorggewers nie waarlik betrokke is by die noodlydende nie.
- *Respondent 3* het al die eise wat aan pastorale sorggewers gestel kan word, bevestig (3) en bygevoeg dat dit die heel basiese verwagtings is.
- *Respondent 4* het die vereistes positief beaam (3). Sy aanbeveling is dat die professionaliteit van die pastorale sorggewers ook arbeidsgerigte begeleiding sal inhou.
- *Respondent 5* het positief (3) geantwoord op al die eise.
- *Respondent 6* het positief (3) geantwoord op al die eise.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Respondente het oorwegend steun verleen aan die verskillende eise wat aan pastorale sorggewers gestel word en dit as die mees basiese verwagting gereken. Akademiese kennis is nie so belangrik nie, maar 'n omgee soos die Here Jesus getoon het wel.

Hierdie navorsing beklemtoon nie alleen die rol van die pastorale sorggewers nie, maar ook die verantwoordelik, gesindheid en samewerking van die predikant. Respondente het die volgende vraag beantwoord:

*Vraag 22: Hoe belangrik dink u is die volgende eise wat aan 'n predikant gestel kan word tydens die tughandeling? Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Nie baie belangrik; 3 = Nie minder belangrik, maar ook nie meer belangrik; 4 = Belangrik; 5 = Baie belangrik*

| **Eise aan die predikant gestel met begeleiding tydens die tughandeling** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| Beskerm die privaatheid met balans van openheid en eerlikheid | - | - | 1 | - | 5 |
| Erken die skuld en aanvaar die verantwoordelikheid | - | - | - | - | 6 |
| Toon egte berou | - | - | - | - | 6 |
| Doen volledige belydenis | - | - | - | - | 6 |
| Ontvang onvoorwaardelike vergifnis | - | - | - | - | 6 |
| Begin 'n nuwe lewe | - | - | - | - | 6 |
| Verwerk die gevoelens van skuld en skande | - | - | - | - | 6 |

- *Respondent 1* het die beskerming van die privaatheid van die individu en die balans tussen openheid en eerlikheid met 'n 3 (Nie minder belangrik, maar ook nie meer belangrik nie) geantwoord. Ten opsigte van al die ander eise wat aan predikante gestel kan word, het hy met 'n 5 (Baie belangrik) geantwoord.
- *Respondent 2* het al die eise wat aan predikante gestel kan word, aangedui as (5). Hy het ook genoem dat selfvergifnis 'n voorwaarde is wat aan predikante voorgehou moet word tydens die herstelfase van die proses.
- *Respondent 3* het die eise wat aan predikante gestel kan word, onderstreep (5) en as uiters belangrik beskou.
- *Respondent 4* het die eise as baie belangrik (5) beskou. Hy het ten opsigte van 'n toekomsvisie (begin 'n nuwe lewe) opgemerk dat 'n mens probeer "om jou geloof te behou", maar dat die tughandeling jou van 'n toekomsverwagting beroof en jou in 'n oorlewingsmodus plaas.
- *Respondent 5* het die eise wat aan die predikant gestel word as baie belangrik (5) bestempel. Ten opsigte van openheid en eerlikheid het hy gesê dat "hoe langer die proses duur hoe minder vertrou jy mense". Hy het selfs 'n internettoepassing afgelaai wat hy gebruik om alle telefoniese gesprekke op te neem. Ten opsigte van

die noodsaak om weer voor te kan begin en 'n nuwe lewe op te neem, het hy gesê dat dit uiterlik deur hom nagekom word, maar "nie innerlik nie". Hy voeg ook by dat hy "steeds bagasie saamdra".

- *Respondent 6* stel al die eise wat aan die predikant gestel word as baie belangrik (5) voor.

**Gevolgtrekking**

Predikante het sonder twyfel ook gereken dat daar spesifieke eise aan die persoon gestel behoort te word wanneer hy die tugproses deurloop.

*Vraag 23: Watter ander eise of vereistes kan volgens u aan die predikant gestel word tydens die tughandeling?*

- *Respondent 1* het gesê dat sonde nie weggesteek kan word nie. Dit moet nie "under cover" gehou word nie. Hy oordeel dat die meeste predikante nie openlik is oor dit wat regtig verkeerd gegaan het nie, omdat die waarheid wat aan die lig kom die moontlikheid van straf meebring (toepassing van die tugmatreëls). Predikante deins hiervoor terug.
- *Respondent 2* het aangedui dat predikante tyd moet maak om die probleme deeglik te hanteer. Hulle moet ook uitreik na ander in hierdie proses en betroubaar wees.
- *Respondent 3* het aangedui dat predikante van die begin af alle inligting op die tafel moet plaas en niks van die ondersoekkommissie moet weerhou nie.
- *Respondent 4* het gesê dat 'n predikant wat die tughandeling beleef diepe selfondersooek moet doen.
- *Respondent 5* het genoem dat predikante hulself moet bemagtig met die nodige kennis ten opsigte van hul arbeidsregte.
- *Respondent 6* sê dat hy nie ander mense se lewens vir hulle leef nie. Hy stel geen ander eise nie.

**Gevolgtrekking**

Respondente het gevoel dat sonde erken en bely moet word, tyd vir die hantering van probleme moet gemaak word, diepe selfondersoek en kennis is noodsaaklik.

In Afdeling D is gepoog om verder informasie te bekom wat moontlik lig kan werp op die tema van die ondersoek soos dit verband hou met die belewing van skuld- en skandgevoelens. Vraag 24 – 28 ondersoek die hulp van professionele persone wat deur die predikant gekonsulteer is tydens die tughandeling. Vraag 29 – 30 ondersoek die doel van die tughandeling en die persoonlike belewing daarvan binne die konteks van terapie en geloofsversterking. Vraag 31 – 32 fokus op leemtes in die huidige tugproses en aanbevelings deur die respondente. Vraag 33 vra na ander temas ten opsigte van die tughandeling wat volgens die respondente verder nagevors behoort te word.

## <u>AFDELING D</u>: DIE TUGHANDELING EN ADDISIONELE INFORMASIE

Vraag 24 – 26 ondersoek die predikant se behoefte aan professionele hulp voor, tydens en na die tughandeling.

*Vraag 24: Het u op enige stadium voor, tydens of na die tugverhoor ‘n dokter besoek?*

| Ja | Nee |
|---|---|
| 5 | 1 |

- *Respondent 1* het met ‘n Ja aangedui dat hy voor die tughandeling ‘n mediese dokter besoek het. Hy is afgeboek vir ‘n tydperk vanweë stres.
- *Respondent 2* het die ook ‘n dokter besoek.
- *Respondent 3* het ‘n dokter besoek.
- *Respondent 4* het nie ‘n dokter besoek nie. Sy vrou het wel.
- *Respondent 5* het wel ‘n dokter besoek.
- *Respondent 6* het ‘n dokter besoek.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Mediese hulp is gesoek in vyf gevalle in die tydperk van die tughandeling.

*Vraag 25: Was daar ‘n verband tussen dié besoek(e) en die tughandeling?*

| Ja | Nee |
|---|---|
| 3 | 3 |

- *Respondent 1* het aangedui dat daar nie tydens die doktersbesoek 'n direkte verband was tussen die afspraak en die latere tughandeling nie. Dit was al die konflik en spanning wat die tughandeling voorafgegaan het wat hom genoop het om mediese hulp te verkry.
- *Respondent 2* het gesê dat sy besoek nie verband gehou het met die tughandeling nie. Hy is met pampoentjies gediagnoseer.
- *Respondent 3* het gesê dat sy besoek verband gehou het met die tughandeling.
- *Respondent 4* – nie van toepassing.
- *Respondent 5* het erken dat daar 'n verband was tussen die doktersbesoek en die tughandeling.
- *Respondent 6* sê dat daar wel 'n verband is tussen sy doktersbesoek en die tughandeling.

**Gevolgtrekking**

Daar was wel 'n verband tussen die tughandeling en die mediese besoeke.

*Vraag 26: Indien Ja, voorsien meer inligting.*

- *Respondent 1* beskou egter hierdie besoek en die rustyd wat dit hom gebring het as een van die faktore wat hom staande gehou het tydens die tughandeling.
- *Respondent 2* het gedurende hierdie tyd meer as 5 kilogram gewigsverlies getoon. Hieroor het 'n kerkraadslid 'n grap gemaak. Sy mediese dokter het egter dadelik toe hy hom sien, gevra of hy besig is om te skei.
- *Respondent 3* het tydens 'n motorfietsrit 'n "black out" gehad en geval. Hy het vyf dae in die hospitaal nodig gehad om te herstel. Hy sê dat dit gebeur het as gevolg van die ongelooflike spanning wat hy beleef het en wat nie ontlont word nie.
- *Respondent 4* – nie van toepassing.
- *Respondent 5* is deur die lidmaat met wie hy in konflik was, aangerand en geslaan. Die ondersoek was ter stawing van die aanranding. Die dokter het kalmeerpille voorgeskryf.

- *Respondent 6* het medikasie ontvang vir depressie.

**Gevolgtrekking**

Verskillende verbande tussen die mediese besoeke en die tughandeling is aangevoer. Sommige is fisiologiese siekte of gevolge en die ander weer psigiese.

*Vraag 27: Het u op enige stadium voor, tydens of na die tugverhoor 'n sielkundige of ander professionele persoon gekonsulteer?*

| Ja | Nee |
|---|---|
| 4 | 2 |

- *Respondent 1* het negatief geantwoord.
- *Respondent 2* het positief geantwoord. Hy het twee keer na 'n sielkundige gegaan. Hy noem egter dat hy nie daarby baat gevind het nie.
- *Respondent 3* het ook 'n pastorale sielkundige besoek.
- *Respondent 4* het 'n dosent besoek wat spesialiseer in innerlike genesing.
- *Respondent 5* het negatief geantwoord.
- *Respondent 6* het positief geantwoord.

**Gevolgtrekking**

Vier respondente het 'n sielkundige opgesoek tydens die tughandeling.

*Vraag 28: Indien Ja, voorsien meer inligting.*

- *Respondent 1* – vraag nie van toepassing.
- *Respondent 2* het die afsprake as onproduktief bestempel aangesien die sielkundige nie professionele hulp en leiding gebied het nie. Die persoon het eerder die situasie vererger deur die opmerking "daar is nie salf aan die verhouding te smeer nie".
- *Respondent 3* het die afsprake met die pastorale sielkundige as positief beskryf. Selfs as noodsaaklik en was op eie inisiatief gemaak.

- *Respondent 4* het die afsprake baie positief beleef. Hy het later onder die dosent se mentorskap 'n PhD in Praktiese Teologie gedoen.
- *Respondent 5* het gesê dat hy eintlik professionele hulp moes verkry, maar dat hy nie na 'n sielkundige is nie "want hoe gaan dit lyk as 'n dominee aan depressie ly?". Hy was ook op daardie stadium in 'n dorp wat vanweë afstand nie maklike toegang tot sielkundiges verleen het nie.
- *Respondent 6* het 'n sielkundige verslag nodig gehad om die saak waarvoor hy na die Ringsvoorsitter gegaan het, te versterk.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Hierdie hulp was in sommige gevalle positief beleef en in ander gevalle negatief.

Die volgende twee vrae ondersoek die doel van die tughandeling en die persoonlike belewing van die funksionaliteit daarvan.

*Vraag 29: Dink u dat die tughandeling van predikante die doel soos verwoord in Artikel 59, bereik? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja;*

| **Beantwoord die tughandeling aan die doel volgens Artikel 59** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Die tughandeling is tot die eer van God | 4 | 1 | 1 |
| Die tughandeling is tot die heil van die Kerk | 5 | - | 1 |
| Die tughandeling is tot die behoud van die sondaar | 5 | - | 1 |

- *Respondent 1* het met 'n definitiewe "nee", op die doelstelling van die tughandeling gereageer.
- *Respondent 2* het soos die eerste respondent negatief (1) geantwoord. Hy sê dat die huidige tughandeling slegs die "image" van die Kerk bevorder en die predikant soos 'n mislukking laat voel. Hy sê dat sy kollegas hom soos 'n melaatse laat voel het.
- *Respondent 3* het gesê dat hy onseker is (2) of die tughandeling tot eer van God verloop het. Hy was egter baie seker dat die heil van die Kerk en behoud van die

sondaar nie (1) gerealiseer het nie. Hy meen dat die ondersoekliggaam slegs die formele prosesse hanteer het en dat dit "deurgedraf moet word".

- *Respondent 4* het die gesê dat dit baie hartseer is dat die Kerk 'n "karikatuur maak van die tughandeling". Hy het die drieledige doel negatief beskou (1).
- *Respondent 5* het negatief (1) geantwoord op al die stellings. Hy sê dat die tughandeling " 'n sirkus is".
- *Respondent 6* het negatief geantwoord (1).

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Respondente het oorwegend geoordeel dat die tughandeling nie die doel volgens die Artikels van die Kerkorde bereik nie. Die tughandeling is as 'n karikatuur beskryf.

*Vraag 30: Beoordeel die volgende stelling na aanleiding van u eie belewing van die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Ontoepaslik; 2 = Nie ontoepaslik, maar ook nie toepaslik nie; 3 = Toepaslik*

| **Stellings in verband met die tughandeling** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Tug is terapeuties deurdat dit die persoon met Christus wil versoen. | 6 | - | - |
| Tug is 'n konstruktiewe poging/optrede om die kwaad teen te gaan. | 6 | - | - |

- *Respondent 1* het met 'n 1 (ontoepaslik) op al twee stellings aangedui dat hy geen positiewe ervaring van die funksionaliteit van die tughandeling beleef het nie.
- *Respondent 2* het die stellings in verband met die tughandeling met 'n (1), ontoepaslik aangedui. Sy belewing van die tughandeling was emosioneel vernederend. Dit het hom verbitterd gelaat. Wat sy kollegiale verhoudings betref, voel hy nie meer in dieselfde "klas" nie.
- *Respondent 3* het die stellings in verband met die tughandeling as ontoepaslik (1) beskou.
- *Respondent 4* het die stellings as ontoepaslik (1) ten opsigte van sy eie situasie beskou.

- *Respondent 5* het die stellings negatief (1) beoordeel.
- *Respondent 6* het die stellings negatief beantwoord.

**Gevolgtrekking**

Al die respondente oordeel negatief oor die terapeutiese en konstruktiewe fokus van die tughandeling wat hul eie belewing daarvan betref.

Die volgende vraag het moontlike leemtes ten opsigte van die tughandeling van predikante ondersoek.

*Vraag 31: Wat is volgens u oordeel, die leemtes ten opsigte van die huidige tughandeling van predikante?*

- *Respondent 1* het die volgende leemtes aangedui:
  - ✓ onbevoegde persone (emosioneel en rasioneel) was by die tugproses betrokke gewees.
  - ✓ die huidige sisteem waarby die Ring betrokke is by die tugproses. veroorsaak spanning. Dit is Ringsbroeders wat die saak moet bestuur, beoordeel en die tugmaatreëls moet toepas. Om dan te verwag dat hulle nog boonop pastorale hulp kan verleen, is onmoontlik.
  - ✓ nepotisme en die inmenging van sekere organisasies veroorsaak groot konflik.
- *Respondent 2* het geoordeel dat
  - ✓ die tughandeling te veel fokus op die kerkordelike prosedures (wat in elk geval verkeerd gevolg word).
  - ✓ daar is hopeloos te min broederlikheid tydens die proses.
  - ✓ die hele proses laat 'n wrang smaak in die gemoed.
- *Respondent 3* het gesê dat
  - ✓ die tugverhoor teen alle bestaande arbeidswetgewing plaasvind.
  - ✓ die gemeente verstaan nie die tughandeling nie. Hulle sien dit as 'n vergeldingsmaatreël. Hulle sê: "Get over it, gaan aan met die werk".

    - ✓ die Ring het die onmoontlike taak om kerkordelik te handel en pastoraal te begelei.
- *Respondent 4* het gesê dat die leemtes van die tughandeling so groot is dat iemand van 'n ander geloof (heidense) dalk beter sal optree tydens die tughandeling as wat Christengelowiges doen.
- *Respondent 5* het die volgende leemtes aangedui:
    - ✓ die tughandeling is 'n bevooroordeelde proses.
    - ✓ die Ring wil die probleem net laat verdwyn.
    - ✓ die proses is oneerlik.
- *Respondent 6* het gesê:
    - ✓ die plek (Kerk) waar 'n predikant genade verkondig, is nie die plek waar jy genade ontvang nie.
    - ✓ as jy dink dat jy jou saak tydens 'n tughandeling gaan wen, is jy arrogant, want jy gaan verloor.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Verskeie leemtes in die huidige tughandeling is aangewys. Die leemtes wys op kerkordelike en prosedurefoute tot interpersoonlike verhoudingskwessies.

*Vraag 32: Watter aanbevelings kan u maak ten opsigte van die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling soos dit spesifiek met die verwerking van gevoelens van skuld en skande verband hou?*

- *Respondent 1* het die volgende voorstelle gemaak ter verbeterig van die huidige hantering van die tughandeling:
    - ✓ daar moet toegelaat word dat persone wat hulself geroepe voel om sonder aansiens des persoon, die predikant te begelei, toegelaat moet word tydens die tughandeling. 'n Databasis van sulke persone behoort saamgestel te word.
    - ✓ 'n gebedsgroep en gebedsgenoot vir die predikant is onontbeerlik.
    - ✓ professionele kundiges (predikante wat selfs die tughadeling reeds beleef het en verdere studie daarvan gemaak het) moet betrokke wees.

- ✓ spesialiteitsbegeleiding behoort vir die gesin beskikbaar te wees.
- ✓ die tughandeling moet binne 'n holistiese begeleidingsperspektief plaas te vind.

- *Respondent 2* se voorstelle is:
  - ✓ tydens kerkvisitasie moet predikante se persoonlike lewens voldoende aandag kry en op die wyse van voorkomende aandag kan toekomstige probleme dalk betyds opgelos word.
  - ✓ die kerklike opsig realiseer nie in die praktyk nie en behoort aandag te geniet.
  - ✓ mentorskap werk nie as gevolg van amptelike snobisme. Gee betyds hieraan aandag.
- *Respondent 3* het voorgestel
  - ✓ dat daar ten minste een mentor uit 'n ander Ring aan die predikant toegwys moet word. Hierdie persoon moet op amptelike vlak die predikant begelei en ondersteun.
- *Respondent 4* het gesê:
  - ✓ die geloofsgemeenskap moet onvoorwaardelik by die predikant staan.
  - ✓ die Ringsbroeders behoort 'n klankbord te wees.
  - ✓ daar moet onbevooroordeeld geluister te word.
  - ✓ die boodskap moet duidelik aan die predikant gekommunikeer word: "Ons vertrou jou menswees en Christenskap".
  - ✓ die tughandeling behoort bemagtigend te wees. Dit moet 'n bediening van versoening wees en nie 'n bediening van beoordeling nie.
- *Respondent 5* bied die volgende voorstelle:
  - ✓ 'n onafhanklike persoon (selfs uit 'n ander kerklike denominasie) moet as voorsitter van die tugkommissie optree.
  - ✓ die persone wat betrokke is by die tughandeling moet eerlik wees met die advies wat hulle gee. (Een persoon het hom geadviseer en dadelik daarna gewaarsku dat indien die respondent dit sou bekendmaak, hy die advies sal ontken).
- *Respondent 6* maak die volgende voorstelle:
  - ✓ God kom altyd in alles eerste.
  - ✓ maak seker dat jy iemand het wat jy waarlik kan vertrou. Jy moet jou

gevoelens met hierdie persoon(e) kan deel.

- ✓ moenie toelaat dat jou woede opkrop nie, beheer dit.
- ✓ gebruik ontladingshulpmiddels om jou emosies te hanteer, soos byvoorbeeld musiekbeluistering en selfs hengel.
- ✓ fokus op dit wat voorlê, gister is verby, jy kan daaraan niks verander nie.
- ✓ moenie bang wees om te leef nie, “As jy bang is, hou sommer nou op!”
- ✓ neem beheer van jou lewe en tree proaktief op.

**Gevolgtrekking**

Verskeie voorstelle is gemaak ter verbetering van die tughandeling. Die voorstelle hou verband met die persoonlike konteks en belewing van die tugproses. Daar is egter ook baie gemeenskaplike sake ter sprake, waaronder die ondersteuning van die geloofsgemeenskap, kundige persone en die onvoorwaardelike aanvaarding as mens.

*Vraag 33: Lys enige ander onderwerpe ten opsigte van die tughandeling van predikante wat volgens u mening ook wetenskaplik nagevors behoort te word?*

- *Respondent 1* het aangedui dat die volgende onderwerpe verdere wetenskaplike navorsing vereis:
  - ✓ die tughandeling en arbeidswetgewing.
  - ✓ die tughandeling en wedersydse omgee.
  - ✓ die tugondersoek na die wyse waarop Ringskomissielede die tughandeling beleef.
- *Respondent 2* het die volgende aangedui:
  - ✓ die noodsaak van die kerklike tughandeling.
  - ✓ die beheptheid met kerklike prosedures teenoor die mense wat seerkry.
- *Respondent 3* het die impak van die tughandeling op die gemeente genoem.
  - ✓ Hy sê dat die bediening feitlik tot stilstand kom en dat dit negatief impakteer op die gemeente. Lidmate eis dat hulle deurlopend bedien word en indien dit vir ‘n lang tyd nie gebeur nie gaan hulle na ander gemeentes. Wanneer die predikant uiteindelik weer toegelaat word om sy bediening

voort te sit, is daar finansiële en ander probleme. "Wie neem verantwoordelikheid vir die gemeente se welsyn? Wie lei hulle?"

- *Respondent 4* het voorgestel dat
  - ✓ innerlike genesingsmetodes wat mense leer om vinniger te kom tot genesing vir die totale Kerk voorgehou (geleer) moet word.
- *Respondent 5* het aangedui dat
  - ✓ die toepassing van die tugmaatreëls ondersoek behoort te word.
  - ✓ die empatie waarmee die tughandeling uitgevoer word, behoort aandag te verdien.
- *Respondent 6* het gesê:
  - ✓ 'n mens neem nie goeie besluite onder druk nie. Hy stel voor dat dit ondersoek word hoe predikante wat die tughandeling deurgaan, begelei kan word om goeie besluite te neem en nie tydens die tughandeling sake verder te laat versleg nie.

**Gevolgtrekking**

Respondente het 'n wye verskeidenheid onderwerpe gelys wat verdere navorsing en studie regverdig. Arbeidswetgewing en die tughandeling, die voortgang van die bediening van die gemeente tydens die tughandeling en sake wat die predikant persoonlik raak, is van die voorstelle wat geopper is vir verdere nabetrating.

## 4.5. Verdere inligting ingewin tydens onderhoude

Die volgende inligting is bekom tydens die onderhoude en hou regstreeks verband met die ondersoek. Dit is egter nie direk volgens die onderhoudskedule gevra nie, maar is op 'n stadium tydens die onderhoud deur die respondente verwoord.

- Die emosionele belewing van die tughandeling volg die patroon soos deur Kubler-Ross vasgestel vir die hantering van die verwerking van die trauma van 'n ongeneeslike siekte.
- 'n Predikant wat deur die tughandeling geraak word, het 'n besluit om te neem: Gaan hy die sisteem veg of gaan hy deel word daarvan?
- Gebed is onontbeerlik vir die predikant tydens die hele handeling.

- Bekering is ‘n voorvereiste en gepaste reaksie op die tughandeling.
- Siekverlof kan ‘n predikant help om afstand te verkry van die probleem en help om beter besluite te neem.
- Hulp met die finansiële verpligting van die gesin van die predikant en gesinsbehoeftes behoort prioriteit te wees.
- Die ontwrigting wat met die tughandeling gepaard gaan, is onbeskryflik.
- ‘n Predikant moet ‘n kerngroep verenig vanaf die eerste dag wat hy ‘n gemeente bedien. Hulle sal hom en sy gesin deurdra tydens krisisse soos die tughandeling.
- Die geloofsgemeenskap behoort vanweë hulle verbondenheid aan Christus die transformasie te bewerkstellig van die huidige tughandeling.
- Predikante moet ophou om na strooihalms te gryp wanneer dit by die tughandeling kom.
- Predikante moet hulle bekeer van afgodery. Hulle legitimasie, ampsbevoegdheid en statusbeheptheid.
- Predikante moet kontrakte beding met Kerkrade om tydens enige krisis soos die tughandeling in die pastorie te kan aanbly totdat die hele saak afgehandel is.
- Broederlike samewerking tussen Ringspredikante is onontbeerlik. Die huidige broederskap stel teleur in tye van die tughandeling.
- Die vertroue in die tughandeling as proses word verbeur indien ‘n predikant dit persoonlik beleef.
- Die Kerk behoort ten minste een predikant opdrag te gee om die pad saam met die predikant wat die tughandeling ondergaan, te stap as mentor en vriend.
- Daar behoort ten minste een persoon (predikant) wat ‘n regsgraad besit, gekoöpteer te word op die Ringskommissie.
- Die maak van grappe tydens die tughandeling is taboe. Dit laat predikante voel dat die ander party nie voldoende erns maak met die situasie nie.
- Leiers binne die Kerk is nie toegerus om die tughandeling te fasiliteer nie.

**<u>Gevolgtrekking</u>**

Verskeie sake is aangeteken soos die respondente dit tydens die onderhoude vrywillig bekendgemaak het. Dit sluit ten nouste aan by die onderhoudskedule en verbreed ons kennis van die probleme en behoeftes soos dit tydens die tughandeling beleef is.

### 4.6. Tematiese analise van die empiriese navorsingsresultate

Daar is ten opsigte van die vrae soos gestel in die onderhoudskedule, antwoorde verkry, addisionele informasie bekom en deur gefokusde waarneming en beluistering deur die navorser, voldoende informasie bekom om tematiese patrone te identifiseer.

Dit word aangebied deur

- eerstens die geheelbeeld van elke vraag van die onderhoudskedule te bespreek en
- dit daarna te struktureer op die drie hoofnavorsingsvrae
- wat weer in verband gebring word met die sentrale navorsingsvraag.

#### 4.6.1. Geheelbeeld van die informasie soos verkry vanuit die onderhoude

Die geheelbeeld kan ten beste verkry word deur die antwoorde op elke vraag in die onderhoudskedule te verwoord in temas en kernbegrippe. Nie alleen word die antwoorde deur die respondente verwoord nie, maar ook die waarnemings van die navorser, kontekstuele gegewens en addisionele inligting wat vrywillig deur die repondente verskaf is, word geïntegreer.

##### 4.6.1.1. Afdeling A: Die tughandeling as proses

Vraag 1 van die onderhoudskedule ondersoek die verskillende prosesse van die tughandeling met die kleiner prosesse daarbinne, en die ervaring van die respondente ten opsigte daarvan. Aangesien die tughandeling as ‘n drieledige proses beskryf word in hierdie studie, is elke respondent se spesifieke belewing van die tughandeling, prosesmatig ondersoek.

Al die respondente het ten minste die eerste proses, of dan ‘n deel van die eerste proses van die tughandeling beleef, terwyl teen sekere dele van die tweede en een sekere dele van die derde proses ervaar het. Dit was opvallend en kommerwekkend dat elke respondent aangedui het dat *die tugliggaam nie die korrekte kerkordelike prosedures ten opsigte van die tughandeling nagekom het nie*. Een van die respondente was die Skriba van die Ringskommissie wat een van die ander respondente se tugverhoor waargeneem het.

Alhoewel hierdie saak vanweë prosedurefoute by die CCMA aangemeld is, het dieselfde Ringskommissie (met 'n nuwe Skriba) weereens prosedurefoute gemaak!

*Skok.* Dit was een van die begrippe waarmee sommige respondente die belewing van die tughandeling aangedui het. Hulle het aangedui dat dit een van die *grootste traumas* was wat hulle tot dusver beleef het. Hulle was geskok

- *dat die tughandeling plaasgevind het* (nooit gedink dat dit met hulle sal gebeur nie),
- dat die *kerkordelike prosedures nie nagekom* is nie,
- dat hulle *geen hulp, bystand of begeleiding van die Kerk* ontvang het nie (eerder isolasie en verwerping),
- en dat die ervaring van die tughandeling die van *liefdeloosheid* was.

Daar is deur almal aangedui dat die tugproses 'n traumatiese ingreep is en dat hulle vir altyd daardeur geraak en verander is. Hulle het die *proses* as

- *koud,*
- *onpersoonlik,*
- *gestroop van eerlikheid,*
- *onbillik,*
- *onredelik,*
- *met konflik en gebroke verhoudings,*
- *manipulerend*
- en *on-Christelik* beleef.

Die respondente het gemiddeld 6.25 maande gewag vir die eerste of gedeelte van die eerste proses van die tughandeling om afgehandel te word. Hulle belewing was dat die Ringskommissie hierdie *proses doelbewus uitrek* ("hulle rek dit soos bubble gum"). Die redes wat hulle daarvoor aangee was

- dat die Ringskomissie reeds bewus is dat hulle *prosedurefoute* begaan het, en probeer daarom die proses uitrek met die *verwagting* dat die predikant se trauma so sal vergroot dat hy *gewilliglik self sal bedank* en die hele saak so opgelos kan word.
- dat die *Ringskommssie nie bevoeg* is om die saak kerkordelik korrek te bestuur nie en daarom sloer met die volgende aksie.

- dat die *Ringskommissie bloot net nie genoeg omgee nie* en daarom nie die gevolge van hierdie uitgerekte proses soos dit die predikant en sy gesin en die gemeente raak, voldoende bestuur nie.

**4.6.1.2. <u>Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbelewing van skuld en skande</u>**

Predikante beleef 'n *warboel emosies* wanneer die trauma van die tughandeling beleef word. Ek het slegs op twee emosies gefokus, naamlik die emosie van skuld en die van skande en skaamte. Hierdie twee emosies hang ten nouste saam en is daarom 'n geskikte paar om saam te ondersoek. Die emosies word afsonderlik bespreek. Vraag 2 – 6 van die onderhoudskedule het betrekking op skuldemosie en vraag 7 – 11 op die skandemosie. Vraag 12 – 1 4 ondersoek moontlike positiewe belewings van die twee gevoelens.

**4.6.1.2.1. <u>Skuldgevoelens</u>**

Volgens die definisie soos dit aangebied word in hierdie studie, is *skuldgevoelens 'n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Skuld is 'n fenomenologiese saak en het te make met die oortreding van waardesisteme. Skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handelinge en word fisies en kognitief ervaar.*

*Al die respondente het aangedui dat hulle skuldgevoelens tydens die tughandeling beleef het of steeds beleef.* Die rede vir die gevoel van skuld het van respondent tot respondent verskil. Die verskil is veroorsaak deur die spesifieke onstandighede en die respondent se persoonlike belewing van die verskil tussen die ooreengekome kode en sy eie gedrag. Respondente het onder andere teenoor

- *gemeentelede*
- *hul eie kinders* en *familie*
- en *die Here skuldig gevoel.*

Die respondente het 'n *redelike tot oorweldigende* belewing van skuldgevoelens gehad. Die intensiteitsgraad van die belewing is getemper deurdat sekere respondente

- *alles in hulle vermoë gedoen het om sake reg te stel,*
- *die Here se vergifnis opgesoek het*
- *of die gebeure as uiters belaglik beskou.*

Die meeste van die respondente het 'n definitiewe fisiese ervaring van 'n *deurdringende bitterheid beleef, asook pyn in die abdomen en 'n gevoel van angstigheid*. Die helfte van die respondente het hulle *hande gewring en die kop het gehang* (dit hou weer verband met gevoelens van skaamte). Meer as die helfte het die *gebeure in die gedagtes herhaal* en die scenario's gedurig verander, twerwyl *selfverwyt* ook beduidend groot tot oorweldigend was.

Respondente het aangedui (almal) dat hulle 'n *bitterheid ervaar teenoor die lede van die Ringskommissie.* Hierdie gevoel is veroorsaak deur die Ringslede se

- *liefdelose*
- en *onregverdige optrede*
- en *die belewing dat die respondente persoonlik te nagekom is.*

Respondente het hulle *self verwyt* oor onder andere

- *die aanvaarding van die beroep na die gemeente*
- *dat hulle sake anders kon hanteer het en daardeur die hele proses kon vermy het*
- *en dat die tughandeling hulle lewe tot op hede bepaal en beïnvloed.*

Die respondente het almal te kenne gegee dat hulle die *skuldemosie op hul eie hanteer en verwerk* het.

Skuldemosie word *binne die Kerk* in die algemeen *gefasiliteer* deur die proses van

- *die aanvaarding van verantwoordelikheid*
- *erkenning van skuld*
- *toon van berou*
- *belydenis van skuld*
- *ontvangs van genade en vergifnis*
- *leef vry en in dankbaarheid.*

Predikante ken hierdie proses deeglik aangesien dit byna elke Sondag ook tydens die

liturgiese element van skuldbelydenis en vryspraak hanteer word. Dit is dus te wagte dat die respondente redelik vry van skuldgevoelens kan wees wanneer hulle self ook hierdie proses volg. Omdat slegs die helfte van die respondente positief geantwoord het ten opsigte van die verwerking van skuldemosie, sal die onsekerheid egter bestaan of almal wel voldoende hul skuldemosie verwerk en dit afgehandel het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die respondente nie almal hulle vinger kan lê op die rede vir die tughandeling teen hulle nie.

Die respondente het *oorwegend negatiewe kommentaar* gelewer ten opsigte van die ervarig van die proses van die tughandeling en die effek daarvan op hul belewing van skuldgevoelens.

Die trefwoorde was telkens

- *geweldige belewing van woede*
- *aggressie*
- *intense bitterheid*
- *oorweldig deur gebeure*
- *vergroting van skuldgevoelens.*

**4.6.1.2.2. <u>Skandgevoelens</u>**

*Skandgevoelens is in die studie gedefinieer as 'n belewing van inherente tekorte. Dit is die belewing van mislukking. Skande word beleef as 'n blootlegging van die self as ontoereikend, sleg, onwaardig. Skande is 'n selfbeoordeling van die eiewaarde. Skande is hoofsaaklik 'n ontologiese saak. Dit het te doen met 'n persoon se identiteit en menswees.*

Vier respondente het aangedui dat hulle *skandgevoelens tydens die tughandeling ervaar* het. Die vrywillige verduideliking van hul keuses tydens die onderhoud het weereens die persoonlike omstandighede beklemtoon.

Skandgevoelens het

- *groot twyfel meegebring in die gemoed*
- *en 'n diepe bevraagtekening van die eie bekwaamheid,*

- *en selfs van die roeping tot bedienaar van die Woord.*

Skandgevoelens is *groot tot oorweldigend* getipeer ten opsigte van die intensiteitsgraad van die belewing daarvan. Dit was duidelik dat respondente met *groter gemak oor skuldgevoelens kon praat as oor skandgevoelens*. Die redes daarvoor is voor die handliggend.

- Skuldgevoelens word gereeld binne die erediens hanteer en aangespreek.
- Alle mense (gelowiges) behoort skuldgevoelens te ervaar en is deel van die sondige werklikheid.
- Die proses van die hantering van skuldgevoelens word dikwels binne die kerk uitgespel en voorgehou.

Skandgevoelens word nie soos skuldgevoelens hanteer nie. Dit blyk dat mense selfs *skaam voel om oor skande en skaamte te praat*. Om skandgevoelens te bespreek en te erken, hoop nog eens skande op skande. Dat die respondente met hierdie emosie worstel, is duidelik wanneer hul aanduidings van woede en aggressie aangehoor word. *Woede is die metgesel van gevoelens van skande en skaamte* (Scholtemeyer, 2011). Alle respondente het intense gevoelens van woede verwoord.

Sekere respondente het wel aangedui dat hul *gevoel oor hulself* verander het na aanleiding van die tughandeling. Daar was die *belewing van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek*. Die sterkste belewing was dat alle respondente behalwe een, aangedui het dat God hulle nie verlaat het in hierdie tyd nie. Hulle het wel *beleef dat mense hulle verwerp en nie meer aanvaar nie.*

'n Groot aantal respondente het aangedui dat hulle *talle van die verdedigingsmeganismes gebruik het* om die gevoel van skande te hanteer. Die duidelikste effek van die beskerming wat as 'n persoonlik keuse uitgeoefen is, is *onttrekking en isolasie.* Die ervaring van die proses van die tughandeling en die gevoelsbelewing van skande en skaamte het die volgende kernbegrippe opgelewer:

- *blywende woede.*
- *blywende seer.*
- *blywende vrae in die gemoed.*

- *jy moet aangaan.*
- *geweldige persoonlike verlies.*
- *diepe verleentheid.*
- *verwagting van foutloosheid.*

Tydens die vrae na die positiewe belewing van skuld en skandgevoelens het die volgende temas na vore gekom. Vier respondente het geoordeel dat skuldgevoelens tydens die tughandeling *positiewe effek* gehad het, tewyl vyf dit toegee op die vraag na skandgevoelens. Ten opsigte van skuldgevoelens is die positiewe:

- *dit dwing tot introspeksie.*
- *besef jou menslikheid en dat jy deel is van die gebroke werklikheid.*
- *groter empatie en begrip vir ander.*
- *God verstaan my.*
- *afhanklikheid van God besef.*
- *vryspraak en vergifnis beleef.*
- *geloofsgroei ervaar.*
- *leer in tye wanneer dit swaar gaan.*
- *stel dinge uit die verlede reg.*

Wat skandgevoelens betref was die positiewe:

- *dwang tot groter kontak en sosialisering om onskuld te bewys.*
- *groter begrip.*
- *leer mens om voort te gaan ten spyte van gevoelens en omstandighede.*
- *stel in staat om ander beter te kan help.*
- *lei tot groter ondersteuning van ander in nood.*

### 4.6.1.3. Afdeling C: Pastorale begeleiding tydens die tughandeling

Die ondersoek na die pastorale begeleiding wat predikante tydens die tughandeling ervaar, is ondersoek deur te fokus op verskillende vereistes en eise wat aan die gemeente, Kerkraad, Ringskommissie en die predikant self gestel kan word. Op hierdie vrae en stellings het die respondente eenparig dieselfde keuses gemaak.

Dit blyk dat die vereistes en funksies ten opsigte van die gestelde pastoraat tydens die tughandeling, dieselfde beoordeel word. Almal het die *belang van die gemeente as primêre sorggewer* ondersteun. Alle respondente het van 'n *kleiner groep lidmate* hierdie onvoorwardelike aanvaarding, versorging en ondersteuning beleef, maar die *afstand tussen die besondere ampte en die van gelowige* word ten tye van die tughandeling verder vergroot. Die redes daarvoor word aangevoer, naamlik:

- dat die lidmate goedgelowig aanvaar dat die Ringskommissie (wat onder andere uit predikante van die Ring saamgestel word), kundig en met liefde sal optree en daarom gelate *die proses in die hande van die Kommissie laat*. Enige besluite (selfs onkerkordelike optrede en blatante foute bly onbekende inligting vir die groter geloofsgemeenskap).
- dat ook die geloofsgemeenskap *onder groepsdruk en selfs intimidasie swig* wanneer negatiewe onderstrominge sterk aanwesig is tydens die tughandeling.
- dat die tughandeling vanweë die skuld, *skande en skaamte wat dit ook kollektief* oproep enige noue band tussen die ampte ophef.

Alle respondente het aangedui dat hulle nie op amptelike wyse begelei en versorg is tydens die tughandeling of daarna nie. Sommige het wel bystand ontvang van predikante *uit ander kerklike denominasies.* Kernbegrippe ten opsigte van die Kerk se *versaking van haar roeping om pastorale begeleiding* het die volgende opgelewer:

- *minimale ondersteuning* deur 'n brief, telefoonoproep of enkele besoek of gebed is nie as hulp en begeleiding vertolk nie.
- *ongevoeligheid en liefdeloosheid* by Ringspredikante vergroot die gevoel van skuld, skande en woede.
- *minagtende optrede* van Ringspredikante en *doelbewuste vermyding* van die respondente beklemtoon die versaking van die pastorale roeping.

Die eise wat aan pastorale sorggewers en begeleiers gestel kan word, is deur alle respondente ondersteun en die algemene gevoel was dat dit slegs die *basiese verwagtings* uitmaak. Enkele kernbegrippe hieroor is:

- *liefdevol en sensitief soos Jesus.*
- *omgee eerder as boekekennis.*
- *kundigheid met betrekking tot arbeidswetgewing 'n nie-onderhandelbare vereiste.*

Respondente het oorwegend positief gereageer op die aanname dat daar ook aan die *predikant* wat die tughandeling ondergaan *sekere vereistes en verwagtings* gestel kan word. Spesifieke kernbegrippe word verwoord as:

- *eerlikheid en openlikheid is 'n voorwaarde.*
- *sonde moet nie weggesteek word nie.*
- *maak tyd om probleme deeglik uit te sorteer*
- *selfondersoek is uiters belangrik*
- *selfbemagtiging in verskillende aspekte is noodsaaklik (byvoorbeeld arbeidswetgewing.)*
- *selfvergifnis is baie belangrik.*
- *waak teen die berowing van 'n toekomsvisie.*
- *moenie bagasie bly saamdra uit die verlede nie.*

**4.6.1.4. <u>Afdeling D: Addisionele informasie</u>**

Die volgende vrae waarop inligting bekom is, het ten doel gehad om die effek van die tughandeling wat die respondent se fisiese en psigiese gesondheid betref, te ondersoek. Vraag 24 – 28 handel oor professionele persone wat gekonsulteer is en wat direk met die tughandeling verbind word.

Vier respondente het 'n *mediese dokter* besoek en drie het aangedui dat dit *direk met die proses van die tughandeling te make het*. Vier respondente het 'n *sielkundige of ander berader* gesien na aanleiding van die tughandeling en hul behoefte om die situasie te hanteer en verwerk . Die behoefte aan professionele hulp beklemtoon weer die belang van die vraag na die pastorale begeleiding en versorging van die predikant tydens die tughandeling.

Vraag 29-30 fokus op die respondent se belewing van die uitkomste van die tughandeling soos gestel in Artikel 59 van die Kerkorde en twee ander stellings oor die terapeutiese waarde van die tug en die teenwerking van kwaad. Op hierdie vrae is oorweldigend sterk *negatief* geantwoord. Respondente erken die moontlike positiewe doel en resultate wat deur die tughandeling bereik kan word, maar kan dit nie in die ervaring wat hulle persoonlik daarvan gehad het, vind nie. Negatiewe kernwoorde wat uitstaan is:

- *die tug bevorder slegs die "image" van die Kerk.*

- *die ondersoekliggaam beskou die tughandeling as 'n reeks take wat afgehandel moet word.*
- *die Kerk maak 'n karikatuur van die tughandeling.*
- *die tughandeling is 'n "sirkus".*
- *die tughandeling is nie funksioneel nie.*
- *die tughandeling is emosioneel vernederend.*
- *die tughandeling is ontoepaslik.*

Vraag 31-33 fokus laastens op verdere leemtes binne die tughandeling, aanbevelings ten opsigte van die verbetering van die tugproses en moontlike studie-onderwerpe wat die respondente sou kon aanbeveel.

Kernwoorde wat die leemtes van die tughandeling betref:

- die tugkommissie is *onbevoeg.*
- die *sisteem veroorsaak spanning* – dieselfde persone wat die tughandeling moet uitvoer, is ook verantwoordelik vir die pastorale begeleiding.
- die tugkommissie is *nie altyd onbevooroordeeld nie.*
- daar is selfs *inmenging* van persone en ander instansies tydens die tugproses.
- die *fokus is te taakgerig* met die klem op die kerklike prosedures en te min mensgerig.
- daar is '*n tekort aan broederlikheid.*
- die *tugproses en bestaande arbeidswetgewing is in konflik.*
- die *gemeente verstaan nie altyd die tugproses nie.*
- die *gemeente ly en word nie geestelik versorg* in die tyd van die tughandeling nie.
- die *proses is oneerlik.*
- die *proses word hanteer met die hoop dat die probleem net sal verdwyn.*
- *genade ontbreek.*

Wat die *aanbevelings* betref ten opsigte van die tughandeling is die volgende gedagtes belangrik:

- die Kerk moet persone wat geroep voel om die proses te fasiliteer deel maak van die tughandeling – die Kerk kan 'n databasis saamstel van sulke vrywillige hulp / professionele en kundige hulp.

- 'n *gebedsgroep of gebedsgenoot* vir deurlopende bystand aan die predikant.
- die *gesin* van die predikant om op gespesialiseerde wyse ondersteun te word.
- ontwikkel 'n *holistiese begeleidingsperspektief* ten opsigte van die tughandeling.
- die *kerklike opsig* behoort sterker te funksioneer.
- *kerkvisitasie* kan beter benut word.
- pastorale begeleiding kan vanuit *ander Ringe* voorsien word.
- *onbevooroordeelde luister* deur die Ring is 'n vereiste.
- Ringsbroeders om 'n *klankbord* te wees vir emosies en besluite wat predikant moet hanteer.
- *bemagtig* die predikant tydens die tughandeling.
- *eerlikheid* is ononderhandelbaar vir alle partye.
- 'n *onafhanklike persoon* om as voorsitter van die tugkommissie op te tree.
- *God moet ook in die tughandeling eerste gestel word.*
- Die predikant om *vertrouelinge* te hê met wie hy alles kan deel.
- *beheer woede en moenie dat dit opkrop nie.*
- *fokus op vandag en die toekoms, en moenie in die verlede leef nie.*
- *neem beheer.*

Die respondente het die volgende *voorstelle* gemaak van onderwerpe wat *nagevors* behoort te word:

- die *tughandeling en arbeidswetgewing.*
- *empatiese* tughandeling.
- die *ervaring van die Ringskommissie* tydens die tughandeling.
- die *noodsaak* van die tughandeling.
- *beheptheid met kerklike prosedures* teenoor omgee.
- *pastorale versorging van die gemeente* tydens die tughandeling.
- *innerlike genesing* vir almal betrokke, ook vir die gesinne.
- *toepassing van die tugmaatreëls.*
- *begeleiding om goeie besluite onder druk te neem.*

### 4.6.2. <u>Tematiese indruk soos gestruktureer op die drie hoofnavorsingsvrae.</u>

Met die bogenoemde informasie as verwysingsraamwerk, kan die proses verder geneem

word, deur die drie hoofvrae daarmee te integreer.

**4.6.2.1. Navorsingsvraag 1A**

Lewer die tughandeling 'n bydrae tot die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante?

**Gevolgtrekking**

**Ja, hierdie studie bevestig die bydrae wat die tughandeling lewer tot die ontstaan en belewing van skuld en skande.**

Binne die konteks van elke respondent se spesifieke en unieke situasie *het die prosesse van die tughandeling 'n ondubbelsinnige bydrae gelewer tot die belewing van skuld- en skandgevoelens.* Dit word bevestig deur die informasie wat tydens die empiriese navorsing ingewin is. Die volgende aspekte dra by tot die gevoelens.

- Die tughandeling is 'n *traumatiese gebeure.*
- Die tughandeling is 'n *skokkende ervaring*.
- Die *onkerkordelike* hantering van die *proses*.
- Die *onprofessionele* wyse waarop die tughandeling toegepas word.
- Die *liefdeloosheid* van die tughandeling.
- Die *lewensontwrigtende effek* van die tughandeling wat betref die toekomsvisie.
- Die *lang, uitgerekte aard* van die tughandeling.
- Die persoonlike bewuswording van *swakhede.*

Die tughandeling funksioneer dus as 'n *snellermeganisme* vir die ontstaan van skuld- en skandgevoelens. Dat die tughandeling as stimulus of sneller vir dié emosies dien, kan verstaan word teen die agtergrond van die kettingreaksies van emosionele wekking soos in Hoofstuk 2 (101) bespreek.

- Elke emosie het 'n *duidelike en aanwysbare sneller of stimulus.*
- 'n *Persoon, objek of gebeure dien as stimulus.*

Snellermeganismes tydens die tughandeling is

- die *aanvang van die proses* van die tughandeling.
- die *onkerkordelike hantering* van die prosesse van die tughandeling.
- die *liefdelose en taakgerigte aksie* waarmee die betrokkenes die saak hanteer.
- die *negatiewe en traumatiese wyse* waarop die tughandeling beleef is.
- die *afwesigheid van ondersteuning en bystand.*

#### 4.6.2.2. Navorsingsvraag 1B

Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie daarvan?

**Gevolgtrekking**

**Predikante beleef die gevoelens van skuld en skande baie intens tydens die tughandeling. Hulle ervaar die emosies van skuld en skande beide op ‘n positiewe en negatiewe wyse.**

*Respondente wat aan die empiriese navorsing deelgeneem het, het ‘n duidelike belewing van skuld- en skandgevoelens ervaar tydens die tughandeling.*

Soos in Hoofstuk 2 beskryf, word ‘n emosie slegs ervaar wanneer die stimulus *kognitief geïnterpreteer* word en die belang daarvan as groot genoeg geag word. Gelyktydig hiermee word *verskillende fisiologiese ervarings* beleef wat die geïnterpreteerde stimulus tipeer as ‘n bepaalde emosie.

- By al die respondente is die interpretasie van die stimilus van die tughandeling as *uiters belangrik beskou en die betekenis wat daaraan geheg is, was baie groot*. In hierdie geval was die betekenis negatief gewees omdat die tughandeling as proses ‘n traumatiese en skokkende ervaring was. Hulle beroep, roeping en identiteit was in gedrang.
- Die respondente het dus almal die *emosionele belewing van die gevoelens van skuld en skande baie intens ervaar en dan nie slegs as innerlike ervaring nie, maar ook die gepaardgaande fisiologiese tekens daarvan getoon.*

Die gevoelens is op tweërlei wyse beleef.

- Eerstens was daar *die uiters negatiewe ervaring* van skuld- en skandgevoelens.
- Sommige het egter ook aangedui dat daar wel *positiewe aspekte* werksaam was in hulle belewing van hierdie emosies.

Die meeste respondente het egter *verslae* gestaan oor die funksionaliteit van hierdie emosies aangesien hulle *oorbluf* was deur die trauma van die hele tughandeling.

Daar is verder ook aangetoon dat emosie 'n *gedragskomponent veronderstel wat funksionele betekenis het* (Hoofstuk 2). Die funksionele aspekte van skuld- en skandemosie is bespreek deur te verwys na die positiewe en negatiewe aspekte ten opsigte van beide emosies. Hieraan het die respondente ook deel gehad. Hulle het gesamentlik en afsonderlik aangedui dat die *ervaring van die verskillende emosies, verskillende resultate gelewer* het. Positiewe en negatiewe gedragspatrone het gevolg op die ervaring van skuldgevoelens en skandemosie.

Ten opsigte van *skuldemosie* is bevind dat

- *respondente egte skuldgevoelens ervaar het en in hulself positiewe en regstellende aksies onderneem om dit wat hulle kon regstel en verander, wel te doen.*
- dit blyk dat die respondente in die grootste mate hul *skuldemosie nie as destruktief beleef het nie, maar verantwoordelikheid aanvaar het vir dit waaroor hulle beheer het.*

Ten opsigte van *skandemosie* is dit so dat

- respondente *sekere aspekte van die belewing van skande as positiewe katalisator kon benut om op 'n hoër vlak te funksioneer.*
- die meeste respondente graag hulle verwerking van die skandemosie as positief wou aandui, maar dat die verdedigingsmeganismes wat gebruik is, daarop wys dat hulle *destruktiewe skandgevoelens beleef* het (en nog steeds ervaar) en dat hulle dit *nie suksesvol hanteer en verwerk het nie*.

### 4.6.2.3. Navorsingsvraag 1C

Is daar en hoedanig is die pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar en hoe word hulle gehelp om dit te verwerk?

**Gevolgtrekking**

**Nee, daar is geen amptelike begeleiding vir predikante wat die tughandeling ervaar nie. Slegs enkele gemeentelede en persone van ander denominasies het enigsins bemoeienis gemaak. Predikante word op geen wyse ondersteun en gehelp om die emosies van skuld en skande te verwerk nie.**

Hierdie vraag moet negatief beantwoord word. Daar was *geen pastorale begeleiding* vir die respondente gewees tydens die tughandeling nie. Hulle moes self die gevoelens hanteer en verwerk. Sommige het *ander professionele hulp* verkry om die fisiese en psigiese eise wat gevolg het op die trauma van die tughandeling, te hanteer.

- Die *geloofsgemeenskap* se basiese onderlinge sorg het *in 'n geringe mate* gefunksioneer deurdat enkele lidmate die pastoriepaar ondersteun het.
- Die K*erkrade het op geen wyse die verantwoordelikheid* teenoor die predikant of die gemeente nagekom met betrekking tot hulle taak waaronder gemeentebou en hulpverlening of begeleiding nie.
- Die *breër kerkverband* soos beliggaam in die Ring en Ringskommissie *het hul taak skromelik verwaarloos en geen intensiewe pastorale begeleiding aan die respondente gelewer nie.* Die basiese eis van *liefde* is nie eens betoon nie, maar predikante het die grootste mate van *verwerping en die gevoel van kontaminasie beleef* en was soos hulle "vingeralleen", ja- soos "melaatses".

### 4.6.3. Tematiese indrukke soos van toepassing op die sentrale navorsingsvraag.

'n Volgende vlak van verstaan en toepassing word gemaak deur die sentrale navorsingsvraag en die ingewinde informasie saam te beoordeel.

**Die sentrale navorsingsvraag**

Op watter wyse begelei die Nederduitse Gereformeerde Kerk, predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan, om die gevoelens van skuld en skande wat daarmee gepaard gaan, te verwerk?

**Die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorsien geen begeleiding aan predikante wat deur die tughandeling geraak word nie. Geen begeleiding word voorsien in die verwerking van die gevoelens van skuld en skande wat hulle as gevolg van die tughandeling ervaar nie.**

## 4.7. Tematiese indrukke en die teoretiese modelle

Daar is twee teoretiese modelle waarteen die informasie wat tydens die onderhoude ingewin is, geïnterpreteer moet word. Beide hierdie modelle is deeglik verken in die literatuurondersoeke sowel as tydens die onderhoude.

- Die eerste teoretiese model is in Hoofstuk 2 bespreek, naamlik Emosieteorie.
- Die tweede teoretiese model is Hoofstuk 3 se bespreking van Tugpastoraat.

Die emosieteorie is nagevors met die doel om die spesifieke aard en funksie van emosies met verwysing na die gevoelsbelewing van skuld en skande te verken. Die ondersoek na tugpastoraat het beoog om die pastorale begeleiding wat die Kerk aan predikante behoort te voorsien tydens die tughandeling, te verken. Die informasie van beide hierdie teorieë en die geanaliseerde data word nou verder tot ‘n geïntegreerde geheel verwerk.

### 4.7.1. Emosieteorie

Hierdie studie fokus op die gedragseffek van emosies en die funksionele aard daarvan met betrekking tot die ervaring van die tughandeling. Skuld en skande is twee emosies wat tipologies geklassifiseer kan word as onaangename innerlike bewuswordings, en wat positiewe en negatiewe gevoelservarings insluit. Hierdie twee emosies kan baie intens beleef word tydens traumatiese gebeurtenisse soos die tughandeling. Verder word skuld en skande of suksesvol hanteer, of dit word negatiewe en destruktiewe magte wat vir baie jare

skuld op skuld en skande op skande ophoop.

Wanneer emosies as katalisator vir gedragsmodifikasie benut word, is dit ‘n geleentheid om bestaande emosie en gedrag te omskep in nuwe houdings en optrede, sodat die hantering van die lewenseise met nuwe emosionele energie en hernude toewyding kan plaasvind. Wanneer emosies binne hierdie raamwerk van funksionaliteit verstaan word, en die belewing daarvan as ‘n kettingreaksie beskou word, kan die doelrelevansie van die ervaring van emosies verdiskonteer word. So het skuld- en skandgevoelens ‘n eie oorsprong, aard, indeling en funksionaliteit. Skuld fokus op die daad wat tot die gevoel lei, en skande op die persoon wat die daad verrig het.

Dit impliseer dat die hantering en verwerking van skuld- en skandemosie verskil. Die taak in die begeleiding van persone wat hierdie emosies beleef, sal dus wees om die positiewe aspekte daarvan te integreer en die negatiewe en afbrekende effek tot die minimum te beperk. Skuldemosie vereis ‘n bereidheid om verantwoordelikheid te aanvaar en daarop kan latere belydenis, vergifnis en vryspraak volg. Skande vereis ‘n aanvaarding van die self ten spyte van die verantwoordelikheid ten opsigte van die daad wat daartoe gelei het, en die vermyding van die gebruik van verdedigingsmeganismes om die skandemosie se effek enigsins te verminder.

Predikante beleef die emosie van skuld en skande baie intens tydens die tughandeling. Die skuldemosie is deur al die respondente op ‘n fisiese en kognitiewe vlak ervaar. Respondente het ‘n redelike mate van positiewe skuldverwerking self toegepas. Skandemosie is deur die meeste respondente in hulself en hul eie optrede raakgesien. Hulle belewing daarvan was meestal groot tot oorweldigend. Hulle het toegegee dat ‘n hele aantal verdedigingsmeganismes in hulle hantering van skande, na vore gekom het. Die skandemosie is in die grootste mate nie suksesvol deur die respondente hanteer en verwerk nie.

Aangesien emosie egter ‘n funksionele rol vervul, moet die predikante se ervaring van skuld en skande daarvolgens beoordeel word.

- Wat skuld betref, vervul dit die rol tot introspeksie, erkenning van skuld en die aanvaarding van verantwoordelikheid, die wek van ‘n besef dat predikante ook deel is van die gebroke werklikheid, empatie en begrip vir ander, vergifnis en vryspraak,

geloofsgroei, regstelling van negatiewe dinge uit die verlede en 'n integrasie van die positiewe en die negatiewe.

- Wat skande betref, vervul dit ook 'n funksie deurdat respondente onder andere gedwing in tot optrede wat andersins dalk gelaat sou word, groter begrip vir ander, innerlike sterkte, innerlike begrip en dieper insig, groter vermoë om ander te help.

My interpretasie van die respondente se belewing van skuldgevoelens was dat hulle baie gemaklik en meer geredelik daaroor kon praat as oor die ervaring van skandgevoelens. Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat hulle baie meer selftoegerus is om skuldemosie te hanteer as wat hulle in staat is om skandgevoelens te hanteer. Verder ook is dit 'n vergroting van die bestaande en onverwerkte skandemosie wanneer daar selfs maar net daaroor gepraat word. Die vrae ten opsigte van die dinamiek van skandgevoelens en die vrae na die verdedigingsmeganismes kan hierdie gevolgtrekking ondersteun.

Dit het duidelik geblyk dat die oorsprong, aard, indeling en funksie van skuld en skande verskil. Die onderhoudskedule het juis hierdie onderskeid ondersoek en elke emosie afsonderlik bestudeer. Dit beteken konkreet ook dat die hantering en verwerking van die twee emosies verskillende wyses van aanpak en vaardighede vereis. Dat respondente meer toegerus is om die emosie van skuld te verwerk, het duidelik geblyk.

### 4.7.2. <u>Tugpastoraat</u>

'n Beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van tugpastoraat (Hoofstuk 3) het getoon dat dit ten diepste God is wat in die pastoraat handelend bemoeienis maak met die mens in nood. God sluit egter mense in sy handelinge met mense in. In die geval van die tughandeling sou dit konkreet beteken dat God die betrokkenes tegemoet kom deur die aktiewe bemoeienis wat die geloofsgemeenskap met die noodlydende maak. Die Kerk vervul haar roeping juis in tye wanneer die nood van mense deur die sorg van die gemeente opgevang en hanteer word. Hierdie handelinge kommunikeer die bevryding wat God aan die noodlydende wil aanbied omdat Hy aktief ingryp en omstandighede verander.

Die Kerk het die respondente van hierdie ondersoek skromelik in die steek gelaat. Die ervaring van isolasie, liefdeloosheid, onkerkordelike bestuur van die prosesse van die

tughandeling en optredes van kerkleiers het juis die teendeel van die kommunikasie van die liefde van Jesus Christus gekommunikeer.

Die Kerk het agt verskillende modusse van kommunikasie wanneer die evangelie van mens tot mens oorgedra word. Die Kerk benut dit alles in die poging om God teenwoordig te stel in die lewe van die wat swaar kry. In die geval van die predikant wat die tughandeling beleef, is dit eweneens noodsaaklik om al agt gestaltes van Woordoordrag te benut. Hierdeur word nie alleen die predikant nie, maar ook alle ander belanghebbendes, waaronder die gemeente self, bedien en versorg.

Telkens moes predikante ervaar dat die Kerk se spreke oor die groot dade van God tot stilswye gedwing is deur die tughandeling. Nie een van die respondente het enige ondersteuning of kommunikasie van God se bemoeienis verneem nie. Inteendeel – die persone moes dit deurlopend aanvaar dat hulle uitgworpenes is en soos melaatses behandel is.

Vyf doelstellings van geestelike leiding is geïdentifiseer en die taak van die geloofsgemeenskap is om dit te help realiseer in tye van trauma en krisis. Die predikant word begelei tot persoonlike geloofsidentiteit, heiliging, herontdekking van persoonlike roeping en gawes, verdieping van geloofsinsig en die ervaring van nuwe eenheid in die gefragmenteerde lewe veroorsaak deur die tughandeling.

Enige bereiking van bogenoemde doelstellings is deur die predikante se eie toedoen bereik en nie deur enige intervensie van die kant van die geloofsgemeenskap nie. Hulle het dikwels self tot die ontdekking gekom van die nuwe geloofsinsigte, hulself opnuut aan God oorgegee en geheilig, en self van die stukkende emosies iets positief probeer maak. Die Kerk was afwesig. Onbetrokke. Liefdeloos en apaties.

Die tugpastoraat as spesifieke bediening aan predikante wat die tughandeling ondergaan, is bespreek en gedefinieer. Dit is omskryf as die amptelike begeleiding (hulpverlening) tot genesing, bystand, begeleiding, versoening en koestering wat die geloofsgemeenskap aan predikante verskuldig is tydens die tughandeling deur die kommunikasie (in al sy modusse) van die evangelie van Jesus Christus en ten doel het om die betrokkenes se geloofsidentiteit te bevestig, tot persoonlike heiliging aan te spoor, deur die

(her)ontdekking van persoonlike charismata ‘n nuwe diensbaarheid te vind, verdieping van persoonlike geloofsinsig te bewerk en herstel van die eenheid van die persoon te verseker.

Hiervan het slegs die ondersteuning van enkele gemeentelede tereg gekom tydens die tughandeling. Die uitdaging vir die Kerk in die uitvoering van hierdie taak en verantwoordelikheid is daarom baie groot.

In die begronding van tugpastoraat is aangetoon dat sekere aspekte ononderhandelbaar is wanneer pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling ter sprake is. Die korrekte mensbeskouing, God se verbondsliefde wat onbegrens is, die regverdiging wat slegs deur geloof plaasvind en nie deur goeie werke nie, die kruisdood van Jesus wat verlossing en versoening bewerk, die geloofsgemeenskap wat die draer van die boodskap van genade en vergewing is, en die herderbeeld wat telkens in die Bybel voorkom, is die diepste rede vir die tugpastoraat.

Hierdie sake het nie aan die orde gekom tydens die tughandeling van die respondente wat tydens die ondersoek genader is nie. Hulle het deurgaans aangetoon dat dit die ideaal is, maar dat dit in die praktyk slegs woorde en teologie bly. Daar is nie hande en voete wat die boodskap na die noodlydende dra en aangee nie. Daar is wel beskuldiging, vingerwysing en teregwysing, maar geen onderwysing of rintingwysing na die uitkoms wat God in Jesus Christus deur die Heilige Gees bied nie.

Die gemeente se onderlinge sorg, die Kerkraad se gemeentebouprogramme en die breë kerkverband se amptelike pastorale sorg is deeglik verken en word as minimum verwagting gestel wanneer dit by tugpastoraat ter bespreking kom. Hiervan kom daar egter weinig tot niks tereg in die praktyk nie. Enkele gelowiges se hulpverlening en ondersteuning vervang egter nooit die professionele en kundige begeleiding wat op alle vlakke van die noodlydende se lewe behoort te funksioneer nie. Onvoorwaardelike liefde, diens, gebede, verdraagsaamheid en vergewensgesindheid, gemeenskap en eenheid, vrede en bemoediging behoort deel te wees van elke geloofsgemeenskap se mondering wanneer iemand swaarkry en ly.

Ook aan die predikant word eise gestel tydens die tughandeling. Hiervoor sien die respondente kans en is hulle bereid om die verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle gaan

egter hiervoor hulp nodig hê. Die take wat hul moet onderneem, sluit die erkenning van skuld en die aanvaarding van verantwoordelikheid in, berou en belydenis, die aanvaarding van vergifnis (ook selfvergifnis) en die uitreik en strewe na 'n nuwe lewe as getransformeerde mens.

Die funksie van tugpastoraat is omskryf as 'n vyfledige taak naamlik genesing, bystand begeleiding tot groei en ontwikkeling, versoening en koestering. Alle respondente het hierdie funksie onderskryf en ook in dieselfde asem die Kerk aangekla omdat daar geen begeleiding is tot die bereiking van die strewe nie. Die Kerk sal hand in eie boesem moet steek om so te kom tot die aanvaarding van die verantwoordlikheid van die taak tot die bereiking van hierdie doelstellings.

Deurlopende begeleiding wat funksioneel, professioneel en effektief is, word vir die tugpastoraat voorgehou. Hiervan kom weinig tot uitvoering wanneer die huidige tughandeling plaasvind. Daar is dus 'n behoefte aan beplanning, assessering, monitering, korrigering, rekordering en verslaggewing om so te kom tot 'n deursigtige, regverdige en billike tugproses.

## 4.8. <u>Samevatting</u>

Hoofstuk 4 is 'n beskrywing van die empiriese gedeelte van die navorsing soos verwoord in die doelstelling. Die navorsingsmetodologie is volledig bespreek deur te wys op die doel en voortvloeiende navorsingsvrae wat deur die kwalitaitewe metode ondersoek is. 'n Gestruktureerde onderhoudskedule is saamgestel wat antwoordkategorieë tipe vrae en oop vra insluit. Ses deelnemers is telefonies genader vir onderhoude wat elk ongeveer 'n uur en 'n half geduur het.

Die verloop van die empiriese navorsingsproses is volledig bespreek, waaronder die onderhoudskedule en ingeligte toestemmingsbrief, identifisering en nadering van respondente vir onderhoude, teken van ingeligte toestemming, voer van persoonlike onderhoude, verwerking van die inligting, en die interpretasie en tematiese verwoording daarvan.

Die onderhoudskedule is saamgestel en in vier afdelings verdeel. Afdeling A: Die tughandeling as proses (Vraag 1), Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbelewing van skuld en skande (Vraag 2 – 15), Afdeling C: Die tughandeling en pastorale begeleiding (Vraag 16-23), Afdeling D: Die tughandeling en addisionele informasie (Vraag 24-33).

Elke respondent se situasie verskil en die informasie soos wat dit op die onderhoud impakteer is, weergegee. Die informasie wat tydens die onderhoude verkry is, is getabuleer en geanaliseer. 'n Tematiese geheelbeeld is verkry deur die navorsingsvrae en die informasie te interpreteer.

## 4.9. Sleutelstellings

Na aanleiding van die vrae soos gestel aan die begin van hierdie hoofstuk en die ondersoek daarna, word die volgende sleutelstellings gemaak:

Vraag 4(a) Wat is die spesifieke navorsingsmetodologie wat vir die empiriese deel van die studie gebruik word? Dit sluit die navorsingsdoel, navorsingsvrae, navorsingsmetode, -tegnieke en deelnemers aan die navorsing in.

**Sleutelstelling 4(a)**

Hierdie studie ondersoek die wyse waarop die N.G. Kerk predikante tydens die tughandeling begelei om die gevoelens van skuld en skande te verwerk. Die navorsingsvrae ondersoek die doelstelling ten opsigte van

- die moontlike bydrae wat die tughandeling as proses tot die ontstaan van die gevoel van skuld en skande lewer
- die aard en funksie van die gevoelens van skuld en skande soos tydens die tughandeling beleef
- die pastorale begeleiding vanuit 'n amptelike en professionele perspektief tot die hantering en verwerking van die skuld en skande emosie.

Hierdie navorsing is 'n kwalitatiewe ondersoek, wat deur middel van 'n gestruktureerde onderhoudskedule, persoonlike onderhoude met 6 respondente wat die tughandeling ervaar

het, gevoer het.

Vraag 4(b) Wat is die proses wat die empiriese navorsing vir hierdie studie kenmerk?

| **Sleutelstelling 4(b)** |
| --- |

Die verloop van die empiriese navorsingsproses was:

- ‘n onderhoudskedule en ingeligte toestemmingsbrief tot deelname is saamgestel
- ses respondente is geïdentifiseer en telefonies genader vir onderhoude
- respondente teken ingeligte toestemming tydens onderhoud
- die navorser voer persoonlike onderhoude met elke respondent deur van die gestruktureerde onderhoudskedule gebruik te maak
- die navorser verwerk die inligting wat tydens die onderhoude bekom is
- die inligting is geïnterpreteer en tematies verwoord.

Vraag 4(c) Hoe word die onderhoudskedule gestruktureer en saamgestel?

| **Sleutelstelling 4(c)** |
| --- |

Die onderhoudskedule is in vier afdelings verdeel met vrae wat deur antwoordkategorieë bepaal word en ook oop tipe vrae waar die respondent sy eie mening en gevoel kon verwoord.

- Afdeling A: Die tughandeling as proses (Vraag 1)
- Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbelewing van skuld en skande (Vraag 2 – 15)
- Afdeling C: Die tughandeling en pastorale begeleiding (Vraag 16-23)
- Afdeling D: Die tughandeling en addisionele informasie (Vraag 24-33)

Vraag 4(d) Wat is die kontekstuele faktore van elke onderhoud?

| **Sleutelstelling 4(d)** |
| --- |

Elke respondent se kontekstuele situasie verskil en die dinamika hiervan soos wat dit op die onderhoud impakteer, is saaklik aangedui onder die noemers van toestemming, plek, voorkoms, kommunikasie, behandeling van navorser en afloop van die onderhoud.

Vraag 4(e) Watter inligting is tydens die onderhoude verkry?

**Sleutelstelling 4(e)**

Die informasie wat tydens die onderhoude verkry is, is getabuleer en geanaliseer volgens die afdelings en vrae wat gestel is. Elke respondent se antwoorde is afsonderlik en daarna gesamentlik gedokumenteer.

Vraag 4(f) Wat is die temas wat na vore kom wanneer die inligting van die onderhoude geanaliseer word?

**Sleutelstelling 4(f)**

‘n Tematiese geheelbeeld is verkry deur die navorsingsvrae en die informasie te interpreteer. Die navorsingsvrae word as volg beantwoord:

- **Gevolgtrekking 1A**: Ja, hierdie studie bevestig die bydrae wat die tughandeling lewer tot die ontstaan en belewing van skuld en skande wanneer predikante die tughandeling ervaar.
- **Gevolgtrekking 1B**: Predikante beleef die gevoelens van skuld en skande baie intens tydens die tughandeling. Hulle ervaar die emosies van skuld en skande beide op ‘n positiewe en negatiewe wyse.
- **Gevolgtrekking 1C**: Nee, daar is geen amptelike begeleiding vir predikante wat die tughandeling ervaar nie. Slegs enkele gemeentelede en persone van ander denominasies het enigsins bemoeienis gemaak. Predikante word op geen wyse ondersteun en gehelp om die emosies van skuld en skande te verwerk nie.

Wounded oysters build out of gory wounds
a pearl. And create within the gap of pain
a jewel.
May we be so wise.

Richard Shannon
The Peacock and the Phoenix

(Campbell, 1981:37)